# HOOFSTUK II.

## DIE EERSTE SKOLE 1886 - 1890.

### 1. Die Onderwyswetgewing van die Tyd.

#### (a) Wet No. 1 van 1882.

Ds. S.J. du Toit, wat 'n sterk voorstander van die vrye skool was, wat met die hulp van 'n staatstoelaag aangemoedig moes word, is na die eerste vryheidsoorlog genader om die onderwyshoof van die Zuid-Afrikaansche Republiek te word. Nadat hy die beginsel van vrye skole met die voorlopige regering bespreek het, het hy beginsels neergelê waarvolgens die nuwe onderwysdepartement van die Republiek ingestel sou word. Die beginsels is op 5 Oktober 1881 deur die Volksraad goedgekeur maar het vir die eerste keer in die Staatscourant van 23 Maart 1882 verskyn.(1) Dat die Regering akkoord gegaan het met die beginsels, is bewys deur die aanbod aan en die aanvaarding van die betrekking van Superintendent van Onderwys deur ds. S.J. du Toit op 13 Maart 1882.(2) Die beginsels wat hy opgestel het, is in die Volksraadsitting van 1882 bespreek en is op 18 Mei 1882 in die Staatscourant as Wet No. 1 van 1882 bekend gemaak.(3)

Die hoofpunte van die wetgewing het aangedui dat die Regering dit wenslik ag dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderrig van hul kinders, en dat van staatsweë alles gedoen sal word om die beginsel te/

---

(1) a. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 48.
    b. Hoogenhout: De wetgeving op het Onderwijs in de Z.A.R., (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek 1898 - 1918), 57 - 58.
    c. Malherbe: Education in South Africa, 259.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

te aanvaar. Daar was wel beperkings. Die staat het sy belangstelling getoon deur die aanmoediging van inisiatief deur geldelike hulp aan die skool te verleen. Ook sou die staat toesig hou dat die leerlinge in die skole die nodige Christelike opvoeding ontvang.(1) Erkennend dat die godsdiensonderwys by die kerk tuis hoort en nie by die staat nie, het die Regering geëis dat alle skole wat ondersteuning van die staat ontvang, onderwys sou gee in die Christelike gees, waarby ingesluit was die opening en sluiting van die skool met gebed, die lees van Gods Woord en die behandeling van Bybelgeskiedenis tydens die skoolure. Die dogmatiese onderrig is aan die respektiewe kerkbesture oorgelaat. Terwyl die skoollokale aangebied is, het die Regering die wens uitgespreek dat die kerkbesture soveel moontlik die inisiatief moet neem vir die stigting van skole en die kies van skoolkommissies.(2) Die Regering het die wens uitgespreek dat deur sy ondersteuning onderwys binne die bereik van alle burgers gestel sou word, hoofsaaklik aan die wat in afgeleë plekke woon, en het daartoe 'n subsidie aangebied aan die skole wat aan die eise van die wet voldoen.(3) Die medium sou die Nederduitse taal wees.(4)

Die besondere bepalinge wat volg, het aangedui dat elke skool onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie sou staan, wat sou sorg vir 'n behoorlike skoolgebou, met meubels en toebehore tot bevrediging van die Regering en onderworpe aan die inspeksie van die Superintendent, wat onderwysers sou kies en vir benoeming by die Superintendent aanbeveel, en wat die vakansies, maksimum van/

(1) Art. 1 van Wet No. 1 van 1882.

(2) Art. 2.

(3) Art. 3.

(4) Art. 7.

van agt weke per jaar, sou bepaal. Die onderwysers moes wetenskaplik bevoeg wees en lidmaat van 'n Protestantse kerk. Behoorlike aantekeninge moes gehou word van die aantal leerlinge op skool, van die leervakke, ens. waarvan aan die einde van elke kwartaal aan die Superintendent verslag gedoen moes word. Die Regering kon in die geval van behoeftige kinders 'n subsidie van £3 - £5 per jaar toeken.(1) Artikel 749 van 1884 het verder bepaal dat onderrig in Engels nie te vroeg moes begin nie.

(b) Voordele van die Wetgewing.

Volgens die wetgewing kon die staat ekonomies die onderrig van die jeug aanhelp. Al was geld nie volop na die oorname van die regering van die Engelse nie, is 'n poging aangewend om onderwys aan soveel kinders moontlik te bring. Almal het 'n kans gekry om skole te stig vir hule eie gemeenskappie, en dié feit het die stigting van skole in Johannesburg beïnvloed. In die jaar 1889 is daar nie minder as agt skole, wat aansoek doen om staatsondersteuning nie, terwyl die volgende jaar nog veertien skole opgerig is. Plaaslike belangstelling is aangemoedig, want die Regering sou die skool eers steun nadat hy gestig is. Die uitlander kon die beginsel nie verstaan nie, en dit was een van sy hoof klagtes teen die staat. Verder vind ons dat die onderwyser se toelae van die staat afhang van die aantal kinders in sy skool, en elke moontlike kind is aangemoedig om skool toe te kom om sodoende die subsidie groter te maak. Weens die feit dat die wetgewing direk na die kerk se rol in die skool verwys, naamlik dat onderwys sy taak is, vind ons dat al die eerste skole in Johannesburg sonder uitsondering deur kerkgenootskappe begin is. Eers daarna is skole geopen deur private

inisiatief/

---

(1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, 49 - 50.

inisiatief en ook dan vind ons dat die Hollandse skole hoofsaaklik onder indirekte invloed van die kerk is.

(c) Die Werk van S.J. du Toit.

Ds. S.J. du Toit was 'n man van vele talente daar hy, weens die skaarste aan opgeleide en bevoegde manne, die Regering op meer as een gebied moes bystaan. Alhoewel hy Superintendent was, het hy president Kruger en Nicolaas Smit vergesel as politikus. Sy onderwysrapporte aan die begin van sy dienstermyn was uitstekend, maar het metter-tyd gekrimp, sodat aan die einde van sy dienstermyn hulle net twee of drie bladsye beslaan het.(1) Hy self het 'n te groot liefde vir geld openbaar, want 'n korrespondent van „De Volkstem" in die Paarlkamp het hom daar ontmoet waar hy daagliks te sien was. Dit skyn asof onderwys die minste van sy kommernis was.(2) 'n Amptenaar is reeds vanaf 1882 behulpsaam met die administrasie van die kantoor van die Superintendent. Hy, H. Stiemens, het later as waarnemende superintendent opgetree totdat prof. N. Mansvelt aangestel is. Die feit dat Du Toit so besig was met ander sake, verklaar in 'n sekere mate die tekort aan sistematiese kantoororganisasie. 'n Groot deel van die inligting wat geskrywe moes word, is nie in die argiewe te vind nie en lei tot die gevolgtrekking dat veel afgehang het van die geheue van die here Stiemens en G.A. Ode. Mansvelt het onmiddellik na sy aanstelling 'n poging aangewend om sy kantoor se rekords in orde te bring deur die instelling van die nommer van briewe en dokumente

sowel/

---

(1) Malherbe: Education in South Africa, 220.

(2) De Volkstem, 25 Oktober 1886: „was dan een Paarsch Syndikaat aan welke hoofd stond de heer du Toit, vroeger predikant aan de Paarl, thans Superintendent van Onderwijs in de Transvaal. Of de heer echter zijn hoofd veel over zijn schoolen bekommert weet ik natuurlijk niet, het komt mij voor of hij meer met goudspeculaties te doen heeft dan met iets anders. Immers hij bevind zich alhier voor een geruimen tijd."

sowel as die antwoorde wat uit sy kantoor gegaan het. Alhoewel Du Toit in Januarie 1888 deur Stiemens opgevolg is, is die eerste skole in Johannesburg gestig terwyl hy superintendent was en onder sy wetgewing.(1)

2. Skole.

(a) Voor die Proklamasie van die Goudvelde.

Onthou moet word dat Johannesburg gestig is op uitvalgrond wat aan geen boer behoort het nie, en dat daar geen skole in Johannesburg gestig kon word voordat Johannesburg as dorp geproklameer is nie. Daar was plaasskooltjies in die omgewing van die stuk uitvalgrond. As die uitgestrektheid van die plase in aanmerking geneem word, sal besef word dat dit vir kinders van die plase wat later geproklameer is moontlik was om die skooltjies by te woon. Ds. van Warmelo, predikant van Heidelberg, het die skole in die wyk Kliprivier namens die Onderwysdepartement geïnspekteer en sy rapporte ingedien. In die jaar 1884 maak hy melding van skole op Kliprivier, Oog van Kliprivier en Misgunt.

(i) Kliprivier. In die inspeksieverslag vir die jaar 1883 vind ons 'n rapport van ds. van Warmelo oor die skool Kliprivier, wat op 4 Februarie 1884 deur H. van Haarst begin is. Hy het gevind dat, te oordeel na die meubels wat beskikbaar was en die onderwyser se lus, die skool vooruitgang sou geniet.(2) Met sy volgende inspeksie wat blykbaar gedoen is terwyl hy op reis met huisbesoek was, het hy aangedui dat daar in die wyk 'n skool onder die leiding van P. Kern bestaan. Of dit dieselfde skool as die van Van Haarst is, is nie bekend nie/

(1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, 208.
(2) Inspeksieverslag 1883, 15.

nie. Dit word vermoed dat Van Haarst miskien vertrek het, en dat 'n ander rondgaande onderwyser 'n skool geopen het. In Kern se skool is dertig leerlinge ingeskryf, maar net elf was op die dag van die inspeksie teenwoordig. Die ander was afwesig om met die mielie-oes behulpsaam te wees.(1)

(ii) <u>Oog van Kliprivier</u>. Met sy reis verder het ds. van Warmelo die skool by die oog van Kliprivier geïnspekteer. Die plaas was omtrent tien myl ten suidweste van die uitvalgrond, Rantjeslaagte. Die inspeksie wat op 15 April 1885 plaasgevind het, het getoon dat die skool al vyf maande aan die gang was, daar dit op 1 November 1884 deur H. Pannevis begin is. Die skool en meubels was sober maar het aan hul doel beantwoord. Op die register was die name van veertien leerlinge, waarvan twaalf teenwoordig was. Die leerlinge was in twee klasse verdeel. Die rapport lui verder dat die leerlinge se kennis van Bybelgeskiedenis nie van die beste was nie, terwyl geen sang sover onderrig is nie, maar dat lees, skrif en rekene as goed beskou is. Die Bybelgeskiedenis van die tweede groep was as vry goed bestempel, terwyl die lees en spel as grondig beskryf is.(2) 'n Jaar later, toe hy weer die skool besoek het, het die leerlinge vermeerder na sestien waarvan ses afwesig was om met die oes te help. Die skoolgebou was in 'n taamlike goeie toestand en orde en netheid het die inspekteur se aandag getrek. Die meubels het in die behoefte voorsien, maar 'n rooster en skryfbord het ontbreek. Die leerlinge het nou kennis van sang getoon. Die skoolure was van 9 tot 12 en van 2 tot 4

terwyl/

(1) Inspeksieverslag 1884, 6.

(2) a. Inspeksieverslag 1884, 25.
b. Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 109.

terwyl die onderwyser saans katkisasie geneem het. Tug was met „sagtelikheid" uitgeoefen maar geen tuginstrument is deur die inspekteur gesien nie; tog het hy die kinders gehoorsaam en oplettend gevind. Die leeftyd van die leerlinge het gewissel van vyf tot sewentien jaar. Alhoewel hy sy tevredenheid uitgespreek het i.v.m. lees en skrif in die eerste klas, was hy nie tevrede met die kennis van tafels en rekene nie. Hy het sy rapport met die opmerking afgesluit dat die leerlinge sal vorder as die onderwyser toegelaat word om 'n geruime tyd in die skool te bly.(1) In 'n brief aan die Superintendent het die onderwyser N.H. Pannevis drie weke verlof gevra daar hy ongesteld was.(2) Dit word vermoed dat hy moontlik belang gestel het in die koms van mense na die moontlike goudvelde en ondersoek wou gaan instel. Die verlof is twee weke na die proklamasie van Rantjeslaagte aangevra. Toe ds. van Warmelo die skool op 24 Augustus 1886 wou inspekteer, was die skool nie aan die gang nie „wegens ziekte en werkzaamheid."(3) Na die aanvraag vir verlof hoor ons nie meer van die heer Pannevis of die skool nie, buiten 'n brief van bedanking aan die Superintendent in Februarie 1887.(4)

(iii) Misgunt. 'n Derde skool in die wyk Kliprivier was geleë op die plaas Misgunt, sowat sewe myl ten suide van Rantjeslaagte. Tydens sy inspeksie in 1884 het ds. van Warmelo die skool besoek. Die skool is op 1 Maart 1884 geopen deur die heer D. Kern. Die rapport oor die skool dui aan dat die gebou sober was, terwyl geen skryfbord of rooster te bespeur was nie. Alles in die

skool/

---

(1) Inspeksieverslag 1885, 49.

(2) OD 3. N.H. Pannevis - Supt. van Onderwys, 20 Okt. 1886.

(3) Inspeksieverslag 1886, 13.

(4) OD 4. N.H. Pannevis - Supt. van Onderwys, 14 Feb. 1887.

skool word gesamentlik gedoen. Die leerlinge se kennis van die Bybel, Bybelgeskiedenis en die Kinderbybel is as „vry goed" beskou, maar net sewentien van die dertig leerlinge van die skool het in boeke geskrywe. Hulle skrif was te klein. Die dominee was nie tevrede met die lees of rekene van die eerste klas nie, en het gevind dat die kinders geen kennis van Hollandse taalkunde gehad het nie. Origens was hy tevrede met die skool. Die onderwyser het drie uur per week van sy skooltyd aan katkisasie bestee. Hier is ook melding gemaak van die eerste gratisleerlinge d.i. kinders wat geen skoolgeld betaal nie.(1)

Dit moet onthou word dat Johannesburg op 'n stuk uitvalgrond gebou is, grond wat begrens is deur drie plase. Dus kon geen skool sy verskyning maak voordat hierdie grond geproklameer is nie.

(b) Na die Proklamasie.

(i) Die skool te Ferreiraskamp. Na die proklamasie van die goudvelde in September en Oktober van 1886 het die mense na die Eldorado begin toestroom, waar hulle rykdom sou vind. Ons besef wel dat die groter meerderheid van die eerste aankomelinge net mans was, want min mense sou hul families na die goudvelde bring wat nie lank mag produseer nie. Nadat die bewyse gelewer is dat goud wel 'n tyd lank hier gevind kon word, sou die families aankom. Goud is elders in die Republiek ontdek maar die goudvelde het nie lank staande gebly nie, met die gevolg dat die fortuinsoeker nuwe velde moes soek en daarheen verhuis. Dat daar wel 'n paar families in Ferreiraskamp was, getuig die geringe aantal leerlinge in die heer H. Duff se skool. Die skool het maar min leerlinge gehad en die oprigting van skole word eers verwag met die massa-/

(1) Inspeksieverslag 1884, 24 - 25.

massa-aankoms wat in 1887 plaasgevind het, toe die berigte bevestig is van die aanwesigheid van goud op die goudveld. Die kerkgenootskappe het gou besef dat 'n nuwe arbeidsveld ontstaan het, en hulle het belangstelling getoon.

„De Volkstem" het 'n verteenwoordiger in die kamp gehad om die lesers van die blad op hoogte te hou met wat gaande was op die goudveld.(1) Die blad het in November berig dat eene H. Duff 'n skool in die kamp gestig het. Die skool is bygewoon deur een-en-twintig leerlinge.(2) Weer maak die korrespondent van die skool melding in Desember, wat ons laat verstaan dat die skool nog bestaan het, want sy berig sluit met: „De heer H. Duff heeft in Ferreiraskamp een school geopend welke reeds veertien leerlingen telt."(3) Dat dit alles nie rooskleurig vir die skool was nie, word afgelei van die feit dat die heer Duff die Delwerskomitee om geldelike ondersteuning genader het om die skool aan die gang te hou.(4) Dit is duidelik dat Duff nie kennis gedra het van Wet No. 1 van 1882 nie, daar hy die Delwerskomitee genader het in plaas van die Onderwysdepartement. Geen brief is deur hom aan die Onderwysdepartement gerig en geen hulp sou hy sekerlik ontvang het nie, daar sy skool nie aan die wet sou kon voldoen nie.

(ii) <u>Eerste skool in Johannesburg</u>. Geen verdere spore van 'n skool kon gevind word vir omtrent ses maande nie. Die nuwe bewoners was moontlik besig om gevestig te raak. Alhoewel die Rooms-Katolieke kerk hom daarop

roem/

---

(1) Gray: Payable Gold, 108.

(2) De Volkstem, 16 November 1886.

(3) De Volkstem, 9 Desember 1886.

(4) a. Gray: Ibid., 121 - 122.
b. Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 109.

roem dat hy die eerste skool in Johannesburg gestig het, vind ons dat die eerste skool in Johannesburg onder invloed van die Ned. Herv. of Geref. gemeente gestig is. Op die aand van 23 Julie 1889, amper tien maande na die proklamasie, is 'n vergadering belê om 'n skool in Johannesburg te stig. As voorsitter het die Spesiale Landdrost C. van Brandis opgetree, en onder andere was die kerkraad van die Verenigde Kerk teenwoordig. 'n Skoolkommissie is gekies met kapt. van Brandis as voorsitter. W.H. Riley sou die hoof van die skool word, bygestaan deur Servaas Fick, met 'n besoldiging van £250 en £100 per jaar respektiewelik. Meer onderwysers sou aangestel word. Die skoollokaal sou die kerkgebou van die Verenigde Kerk wees, wat nog in aanbou was. Die skool sou in Augustus met 100 leerlinge open. Die aand is besluit dat die skoolvakansies een week in September, drie in Desember, een in Maart, twee in Junie en sewe dae ekstra gedurende elke jaar sou beslaan. Onderrig sou deur middel van Engels geskied. Die vergadering het besluit om die Regering te nader om 'n toelaag van £50 om toerusting te koop. Die naam van die skool sou die <u>Gouvernementschool</u> in samewerking met die Verenigde Kerk wees.(1) In sy oordra van die inligting aan die Superintendent van Onderwys het proponent J.N. Martins, wat hom vir die saak beywer het, vertel dat die Episkopaalse kerk ook met hul skool besig was. Die Episkopaalse kerk was blykbaar die Engelse kerk, wie se verteenwoordiger op die goudveld ene John T. Darragh was, wat baie op onderwysgebied gedoen het. Martins het verder gemeld dat sy kerkraad deel van die skoolkommissie vorm daar die publiek al meer as eenkeer die beheer van die skool uit sy hande wou neem.(2)

Ons/

---

(1) Gray: Payable Gold, 209 - 210.

(2) Ibid., 210.

Ons vind hier die eerste poging wat later tot die botsing sou lei. Die kerk het geglo dat die onderwys van die jeug deel van sy taak is, en waar probeer is om die skool te stig met kerklike toesig, het dit sekere elemente nie gepas nie. Die enigste aanduiding dat die skool wel onstaan het, is gevind in 'n brief van die heer Harper Riley wat skoolboeke aanvra.(1) Die heer Riley was 'n Baptis of Doopgesinde, want in Mei van die jaar het hy aansoek gedoen om 'n stuk grond vir die Doopgesinde gemeente, sodat hulle 'n kerk kon bou.(2) Prop. J.N. Martins het op 11 Mei 1887 op die goudvelde aangekom en het onmiddellik gewerk vir 'n kerkgebou. Dat daar hier 'n skool voor sy koms was, buiten die van Duff, is onwaarskynlik, want kinders sou eers later op die goudveld saam met hulle moeders aankom.

3. <u>Ywer van die Kerke</u>.

Die verskillende kerkgenootskappe het gou besef dat hier 'n nuwe arbeidsveld was, en het met die werk begin so gou moontlik. Aansoeke is aan die Mynkommissaris gerig om grond in die hande te kry om 'n kerk, pastorie of skool te bou. 'n Mens kan net bewondering toon vir die Regering van die Transvaal, want, alhoewel Protestants, het hy aan elke geloofsrigting, of dit teenstrydig was met die van die staat of nie, grond vry van alle koste geskenk vir kerkdoeleindes. Geen kerkgenootskap is bevoorreg nie, en elkeen het 'n dubbele standplaas (50' by 100') sonder enige onkoste of maandelikse betaling van standlisensie ontvang.(3)

(a) Die/

---

(1) OD 4, H. Riley - Supt. van Onderwys (ongedateer)

(2) Gray: Payable Gold, 160.

(3) a. Ibid., 158 - 161.
b. Rosenthal: Johannesburg, Home of many religions (The Golden City), 245 - 253.

(a) Die Rooms-Katolieke Kerk.

Met die uitsondering van die Ned. Herv. of Geref. kerk wat kerk grond in Januarie 1887 aangevra het, is grond vir die Rooms-Katolieke kerk deur die priester, vader de Lacy, vir 'n kerk, skool, wonings vir die onderwysers (hulle sou nonne wees), speelgronde en tuine aangevra.(1) Eers op 26 April 1887 is 'n standplaas (No. 120) aan die Rooms-Katolieke kerk geskenk vir kerkdoeleindes.(2) Die Prefek-Apostolies, die hoof van die Rooms-Katolieke kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek het weer op 20 April 1887 by kapt. von Brandis aansoek om grond gedoen, groot genoeg vir 'n kerk en 'n skool.(3) Die Staatsekretaris het op 16 Julie 1887 aan Von Brandis te kenne gegee dat die Rooms-Katolieke kerk net soveel grond in Johannesburg kan ontvang as enige ander kerkgenootskap en niks meer nie.(4) Dat die kerk met moeite moes sukkel om die grond te behou wat aan hom geskenk is, word aangedui in 'n brief van William P. Fraser aan die Spesiale Landdrost waarin hy sy aandag vestig op die pen van claims op die standplase, wat aan die "Committee of the schools and the hospital of the Catholic Church," behoort het. Hy vra dat hy nie die standplase moet verloor nie. Hy meld ook dat volgens die goudwet van ander lande, as betalende goudriwwe onder 'n huis ontdek is, die eienaar die standplaas kan verloor en daarvoor vergoed word. Die twee standplase wat gepen is, is deur die Rooms-Katolieke van kol. I.P. Ferreira gekoop, waarop die eerste baksteenhuis gebou is. Kol. Ferreira het 'n verklaring uitgereik dat hy geen goud op die grond gevind het nie, wat Von Brandis die aansoek van die Rooms-Katolieke/

---

(1) Gray: Payable Gold, 158.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

Katolieke laat toestaan het. Die kerk wou graag onmiddellik 'n skool bou, en het dus beskerming van hulle regte gesoek.(1)

(i) Die „Convent School." Die steeds groeiende bevolking het 'n aanvraag om skole geskep en nadat reëlings getref is, het daar in Oktober 1887 ses nonne van die „Congregation of Sisters of the Holy Family," wie se moederhuis of werksaamheidsentrum in Bordeaux in Frankryk was, in Johannesburg aangekom. Die hoofwerk van die nonnegroep was om te onderrig en te verpleeg.(2) Hulle was vergesel van monsignor Jolivet en die hoof van die Rooms-Katolieke kerk in die Republiek, eerw. O. Monginoux en is „triomfantelik ontvang."(3) Geboue is voor hul koms opgerig, sodat hulle onmiddellik met hul werk kon begin. Hulle het begin met sewe-en-veertig leerlinge, wat die volgende week tot een-en-vyftig gestyg het. Aan die end van 1887 was daar vyf-en-sewentig leerlinge in die skool.(4) As in aanmerking geneem word dat daar geen bestaande skool naby hierdie skool was nie, en dat die Engelssprekende deel van die bevolking maar net bly sou wees om sy kinders na 'n Engelse skool te stuur, kan verstaan word hoekom die getalle so vinnig gegroei het. Elke genootskap het probeer om vir die kinders van sy eie kerk skole te verskaf, maar die wat nog nie skole gehad het nie het hulle na die kloosterskool gestuur. Fuller, in haar proefskrif, dui aan dat die skool met sewe-en-sestig leerlinge begin het, maar dat die meerderheid van die

leerlinge/

---

(1) a. Johannesburg Argief, 89 (Openbare Biblioteek).
b. Gray: Payable Gold, 209.

(2) Escoga Vol. 1, No. 3, Junie 1934.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

leerlinge van Joodse afkoms was.(1) Die skool was geleë op grond oos van Foxstraat, waar die kasteelgebou van die Castle Brouery vandag staan.(2) Binne 'n kort tydjie is kosgangers in die skool ontvang. Dit het gehelp om leerlinge van die hele goudveld te trek, en so kon hulle terselfdertyd versorg word.

Fondse is vir die skool ingesamel, want vroeg in 1888 het daar 'n dankbetuiging in een van die plaaslike blaaie verskyn wat dank uitgespreek het teenoor die wat die vorige week behulpsaam was met die basaar wat ten behoewe van die Rooms-Katolieke skoolfonds gereël is.(3) Die skool het planne beraam om geldelike ondersteuning van die Regering te kry en die nonne wat in die skool gewerk het, is blykbaar teruggetrek om uitsluitlik by die hospitaal te help, terwyl 'n Rooms-Katolieke dame vanaf April 1889 in beheer van die skool geplaas is.(4) In die inspeksie wat op 20 Februarie 1890 plaasgevind het, is aangedui dat mev. E.E.M.J. Budgen, bygestaan deur mejj. Van Gerwesj en M. Daly, in beheer van die skool was. Die lokaal was uitmuntend, terwyl 'n rooster en skryfbord aangebring is. Van die 120 leerlinge in die skool was negentig die dag van die inspeksie teenwoordig. Negeen-twintig was afwesig weens 'n fees wat gehou word (moontlik een van die Rooms-Katolieke feesdae.) Die werk van die skool was goed, want die inspekteur beskryf die kennis van die Bybel sowel as die skrif as goed. Die leerlinge het elementêre kennis van kerkmusiek gehad, terwyl Hollands onderrig is. Die inspekteur het te kenne gegee/

(1) Fuller: Convent School Education in South Africa, 85.

(2) Escoga: Vol. 1, No. 3, Junie 1934.

(3) Standard and Transvaal Mining Chronicle, 14 April 1888.

(4) OD 5, E.E.M.J. Budgen - H. Stiemens, 3 April 1889.

gegee dat die skool toe net weer begin het, daar die hoof-onderwyseres siek was, en dus kon hy nie verder met die inspeksie aangaan nie.(1)

Alhoewel die skool Hollands as vak onderrig het, weet ons dat dit nie kon voldoen aan die eise van die wet van 1882 nie, wat vereis het dat die skool Protestants moes wees en Hollands die medium. Art. 749 van 1884 het die artikel 7 van die skoolwet van 1882 gewysig om aan te dui dat onderwys deur middel van die Nederduitsche taal moes geskied. Met Engels moes nie vroeg begin word nie, en dit moes verder nie 'n onregmatige invloed op klas-verdeling en organisasie hê nie. Hoe die wysiging nagekom is, is nie bekend nie, maar dat die inspekteurs simpatiek was, is duidelik merkbaar. Hulle het gesien dat die skole 'n poging aanwend om Hollands te onderrig, en het dus nie drasties opgetree nie.(2)

'n Jaar later, toe die skool weer geïnspekteer is, was daar saam met die hoof nog drie ander assistentes. Op dié dag, 23 Februarie 1891, was drie-en-sewentig van die drie-en-negentig leerlinge teenwoordig. Die Bybelonderrig en skrif is toe beskryf as gedeeltelik goed, terwyl Engels, Frans en sang onderrig word. Teken, musiek en handwerk was addisionele vakke, aan die meisies onderrig.(3) Mev. Budgen het net 'n paar dae voor die inspeksie 'n brief aan die Superintendent gerig dat, alhoewel haar skool geïnspekteer word, sy nog geen toelae van die Onderwysdepartement ontvang het nie. Sy is al tien jaar in die Republiek werksaam.(4) Dit word gevoel dat, alhoewel die Onderwys-departement/

---

(1) Inspeksieverslag 1889, 17.

(2) Inspeksieverslag 1885, 6.

(3) Inspeksieverslag 1890, 93.

(4) OD 8, E.E.M.J. Budgen - Supt. van Onderwys, 20 Jan. 1891.

departement die skool geïnspekteer het om te sien of 'n toelae aan mev. Budgen betaal kon word, geen toelae betaal is nie, daar die skool nie 'n Protestantse gees openbaar het nie. Toe sy elders gewerk het, het sy wel 'n toelae ontvang, maar vandat sy aan die skool verbonde is, het sy geen toelae ontvang nie. In 'n poging om 'n subsidie vir die skool te kry, is in Maart 1891 'n onderwyser wat Hollands sou onderrig, aangestel.(1) Van die skool word niks verder verneem nie, want prof. Mansvelt het dit na sy diensaanvaarding moeilik gemaak vir skole, wat nie aan die wet kon voldoen nie, om 'n toelae te verky. Dat die skool staande gebly het, is bekend, want vandag staan hy bekend as „End Street Convent."(2)

(ii) „Marist Brothers College." Twee jaar na die „Convent School" gestig is, het 'n tweede Rooms-Katolieke skool die lig gesien. Lede van die „Marist Brothers," wat orals in Suid-Afrika opvoedkundige inrigtings gestig het, het gevoel dat daar 'n behoefte in Johannesburg was vir 'n seunskool.(3) Die skool het sy deure op 9 Oktober 1889 vir leerlinge oopgemaak in Kochstraat, waar die laer afdeling van dieselfde skool vandag nog gehuisves is. Johannesburg was toe drie jaar oud, en dit kan gesê word dat die monnike wat die skool gestig het, die eerste werklike middelbare skool in Johannesburg in die lewe geroep het. Alhoewel die hoof van die skool Broeder Frederick was, bygestaan deur broeders Dominic en Euphrase, was daar drie onderwysers wat nie broeders was nie, maar wat nogtans aan die skool werksaam was. Broeder Frederick, vergesel van die ander twee broeders, het op 20 September vanaf Port Elizabeth na Johannesburg vertrek. Die skool is geopen/

(1) OD 8, J. Prillewitz - Supt. van Onderwys, 30 Maart 1891.

(2) Escoga: Vol. 1, No. 3, Junie 1934.

(3) Rosenthal: Johannesburg, Home of many Religions (The Golden City), 251.

geopen sonder dat daar vooraf aansoeke van die ouers ontvang is, en dit het eers gelyk asof die nuwe skool 'n mislukking sou wees. Die eerste leerling het om halftien opgedaag, gevolg deur twintig seuns wat in 'n klein waentjie van die „Convent School" af gekom het.(1) Binne twee jaar het die skool driehonderd leerlinge getel.(2) Om 'n toelaag van die Onderwysdepartement te bekom, is 'n brief aan die departement gerig wat die huishoudelike bepalinge van die skool bevat. Onder andere word gemeld dat die skool deeglik onderwys sou gee „in de Hollandsche, Englesche, Hoogduitsche, Duitsche, Fransche, Grieksche en Latijnsche talen: zoowel als in de cijferkunde, aardrijkskunde, natuurkunde, oude en nieuwe geschiedenis, voornamelijk deze van Zuid Afrika alsook Litteratuur, spraakkunst, teekenen, schilderen, boekhouden, muziek, piano en vocaal en gijmnastische oefeningen."(3)

Die eerste inspeksie van die skool is op 19 Februarie 1890 deur die waarnemende Superintendent van Onderwys waargeneem. Daar het hy die heer J. Gaillard, wat aan die inrigting vanaf 9 Oktober 1889 verbonde was, bygestaan deur die here E. Nachtegaal en J. Clofij, aangetref. Die lokaal was as seer goed beskryf en 'n skryfbord en rooster was teenwoordig. Net ses-en-sestig van die negentig leerlinge was teenwoordig. In die skool was die lees en spel goed, terwyl die Bybelkennis van die hele skool as elementêr beskou is. Die skrif was goed en met sang is pas in die skool begin.(4) Alhoewel die here Nachtegaal, Clofij en Gaillard die Onderwysdepartement in kennis/

---

(1) Star, 31 Augustus 1889.

(2) Ibid.

(3) OD 6, E. Nachtegaal e.a. - Supt. van Onderwys, 21 Des. 1889.

(4) Inspeksieverslag 1889, 17.

kennis gestel het van die groot keuse van vakke wat die skool bereid was om te onderwys, het die heer Stiemens nie daarvan melding gemaak nie. Teen Augustus 1891 het die aantal leerlinge tot 143 gestyg en almal het onderrig in Hollands ontvang.(1) Teen Desember van die jaar het die aantal nog verder tot 175 gestyg.(2)

Die skool het gegroei, in so 'n mate trouens, dat gedurende die volgende jare dit selfs deur die seuns van die regeringsamptenare bygewoon is. Die skool het gegroei en vooruitgegaan en bestaan vandag nog. Die Rooms-Katolieke het dus met die twee groot pogings die onderwys in die vroeë Johannesburg aangehelp en so hul deel bygedra tot die stigting van die eerste skole.

(b) Die Anglikaanse Kerk.

Die grootste poging wat in die beginjare van Johannesburg deur een genootskap aangewend is om skole te stig, het geskied onder die leiding van eerw. John T. Darragh. Op 22 November 1886, nadat die biskop van Pretoria 'n diens op die goudvelde gehou het, is deur hom bekend gemaak dat hy 'n kerk op die goudvelde wou stig.(3) Aansoek is deur hom gedoen om 'n stuk grond vir 'n kerk.(4) Die Staatsekretaris het aan die Mynkommissaris meegedeel dat die Regering hierdie aansoek sou toestaan, asook ander versoeke van die aard en dat grond vir die doel opsy gehou moet word.(5) In Desember 1886 het biskop Bousfield aan die Society for the Propogation of the Gospel geskryf om

'n bydrae/

(1) OD 8, P.K. Bennink Jansonius - Supt. van Onderwys, 21 Des. 1889.

(2) OD 10, P.K. Bennink Jansonius - Supt. van Onderwys, 1 Des. 1891.

(3) Gray: Payable Gold, 158.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

'n bydrae om 'n priester op die goudveld te onderhou, en bekendgemaak dat hy grond vir 'n kerk van die Regering ontvang het. Die volgende maand, Januarie, het hy aan ondersteunders van sy kerk bekend gemaak dat hy die Anglikaanse gemeentelede in Johannesburg 'n maandelikse diens kon aanbied en kort daarna 'n tweeweeklikse. Die werk kon hy nie self behartig nie, en 'n priester was nodig om hom by te staan. Sekere van die gemeentelede wat in Johannesburg woonagtig was, het sy aandag op eerw. J.T. Darragh gevestig, wat destyds op die Kimberleyse diamantvelde gewerk het. In Mei 1887, omtrent dieselfde tyd toe prop. Martins hier aangekom het, is aan hom geskrywe om die taak van die kerk op die Witwatersrandse goudvelde te aanvaar. Hy het nie lank op hom laat wag nie, en het in Junie 1887 aangekom, en is in November formeel georden as priester van die kerk op die goudvelde.(1) Die daaropvolgende twintig jaar het hy daar ge-arbei. Hy het gou 'n aantal lede van sy kerk om hom versamel. Darragh was 'n Ier met 'n sterk persoonlikheid, en volgens Agar Hamilton een van die sterkste persoonlikhede wat na die goudvelde gekom het.(2) Hy het skole vir seuns en meisies onder die beskerming van die kerk gestig, en so beslis was hy oor die toekoms van die goudvelde dat hy eiendomme in strategiese dele gekoop het, en so skuld gemaak het totdat 'n onmoontlike toestand geskep is, en hy deur sy kerkraad vermaan is om versigtiger te werk te gaan. Natuurlik sou daar moeilikhede tussen hom en sy biskop ontstaan, wat in Pretoria sy setel gehad het i.v.m. die skuld. Die biskop wat ervaring gehad het van ander goudvelde wat tot niet gegaan het, het nie so seker gevoel oor

die/

---

(1) a. Hamilton: A Transvaal Jubilee, 46 - 49.
b. Dymond G.W.: Jeppe Jubilee, 22.

(2) a. Hamilton: Ibid, 47.
b. Konig: Seven Builders of Johannesburg, 66 - 79.

die toekoms van Johannesburg as Darragh nie, en het gevoel dat Darragh hom moes raadpleeg. Daar hy nie so seker was van die veiligheid van beleggings en die selfstandigheid van Darragh nie, het hy onrustig gevoel oor die <u>imperio in imperium</u> wat Darragh geskep het.(1) So roekeloos het Darragh gekoop dat, toe hy met verlof oorsee vertrek, hy oor die £8,000 skuld gemaak het op die goeie naam van sy kerk.(2) Darragh het al sy eerste skole die benaming „St. Mary" gegee, sodat selfs die Onderwysdepartement dit moeilik gevind het om tussen die verskillende skole onderskeid te tref.

(i) „<u>St. Mary's College.</u>" Uit 'n dagboek wat gevind is toe die skool na sy huidige tuiste in Waverley verhuis het, is aangedui dat die skool aan die einde van 1888 met sewe leerlinge geopen is. Die gebou was nie klaar nie, maar die noodsaaklikheid vir 'n skool in Jeppestown was so groot dat mej. Ross in 'n paar kamers van 'n half voltooide gebou sonder vensters en ander toerusting begin het. Sy het met die werk aangegaan tot Augustus die volgende jaar, toe sy met Darragh in die huwelik getree het. Haar plek is ingeneem deur die mej. Holmes-Orr. Die skool het vinnig gegroei soos die getalle in die dagboek aandui:(3)

| | | |
|---|---|---|
| Januarie 1889: | 39 kosgangers en | 44 dagskoliere. |
| Augustus 1889: | 29 | 39 |
| Januarie 1890: | 44 | 101 |
| April 1890: | 25 | 68 |
| September 1890: | 16 | 80 |

Die skool was geleë in die hartjie van Jeppestown, naby die huidige spoorwegstasie. Toe die spoorweg gebou is, het die skool na Belgravia verhuis en mej. Holmes-Orr

het/

---

(1) Hamilton: A Transvaal Jubilee, 46 - 49.

(2) Dymond: Jeppe Jubilee, 8.

(3) St. Mary's School for Girls, Waverley, Johannesburg: Jaarblad, 1938.

het 'n uitstekende vergoeding van die spoorweg vir die verlies van haar gebou ontvang.(1)

Die eerste inspeksie van die skool het op 19 Februarie 1889 plaasgevind, en is waargeneem deur die waarnemende Superintendent wat die skool onder die beheer van mej. Holmes-Orr gevind het met 'n personeel bestaande uit mejj. Fischer, Norman, Rowles, Ablet, Miller, Ham, Pryce, Stand en Ingle. Die lokaal was uitstekend, terwyl 'n skryfbord en rooster teenwoordig was. Die name van eenhonderd-en-vyftien leerlinge het op die register voorgekom, maar net eenhonderd-en-drie was aanwesig op die bepaalde dag. Na sy inspeksie het die waarnemende Superintendent bevind dat die Bybelkennis van die hele skool goed was, skrif seer goed en sang heel goed.(2)

'n Jaar later, toe die skool weer geïnspekteer is, was vyf-en-tagtig van die eenhonderd-en-vyf leerlinge teenwoordig. Die inspekteur het sy tevredenheid uitgespreek oor die werk wat die skool verrig.(3)

Eerwaarde Darragh het hom nie oor skuld bekommer in sy strewe om opvoedkundige inrigtings te stig nie. Dat die waarde wel daar was om as sekuriteit vir die geleende geld te dien is nie aan te twyfel nie, maar op 9 April 1890, net voor Darragh met langverlof Engeland toe gegaan het, is 'n saak deur Ford, Jeppe en kie. teen J.T. Darragh in Johannesburg ingedien, in verband met die kerk- en skooleiendomme van die Anglikaanse kerk. Darragh is gedagvaar om van sy skulde te vereffen, of beslag sou

op/

---

(1) St. Mary's School for Girls, Waverley, Johannesburg: Jaarblad, 1938.

(2) Inspeksieverslag 1889, 17.

(3) Inspeksieverslag 1890, 94.

op sy kerk en die skool gelê word om die skuldeisers te bevredig. Die aand het Darragh mej. Holmes-Orr in kennis gestel dat alles verlore is, en dit het gou bekend geraak dat die skool se meubels op 10 Mei 1890 in die openbaar verkoop sou word.(1) Terwyl Darragh met verlof was, moes biskop Bousfield tussenbei kom om te verhoed dat die kerk van St. Mary verkoop word. Darragh het £8,000 geleen om die skool, die kerk wat in Jeppe geleë was en 'n kerksaal in Eloffstraat te bou.(2) Die gemeente het ternouernood fondse en waarborge ingesamel, sodat die uitverkoping uitgestel is. Darragh het op 25 September 1890 teruggekeer maar het 'n vyand gemaak van sy biskop in Pretoria, wat nie so veel vertroue in die priester gehad het wat alles self aangepak het sonder om sy meerdere te raadpleeg nie. Tydens die Easter Vestry Meeting in 1891, toe verslag gedoen is van die werk van die kerk in die afgelope jaar, het Darragh soos volg gerapporteer: „St. Mary's College has gone through troubles in the past year which I need not now particularise, enough to wreck any institution in its infancy. It is not too much to say that only the resourceful courage and bravery of Miss Holmes-Orr and her splendid staff saved us from catastrophe. It is almost incredible, that after the very beds on which the children lay, were advertised to be sold again and again, the College should not only have survived, but actually regained its former position in so short a time."(3) Mej. Holmes-Orr het haar uiterste bes gedoen met die gevolg dat sy die skool in 1894 afbetaal het, en self beheer daaroor kon kry. Die inrigting het nou 'n private inrigting geword maar het nog in nou verband met die St. Mary's

kerk/

(1) Dymond: Jeppe Jubilee, 8.

(2) a. Ibid., 9.
b. Hamilton: A Transvaal Jubilee, 49.

(3) Dymond: Ibid., 10.

kerk in Jeppestown gestaan.(1)

(ii) „<u>St. Mary's High School for Girls</u>." Die skool is ook aan die einde van 1887 deur Darragh begin, en ons vind vroeg in 1888 'n advertensie in een van die plaaslike blaaie, wat aandui dat die skoolkamer in die St. Marykerksaal, Eloffstraat, op 6 Januarie 1888 na die vakansie ~~te~~ heropen.(2) Die bestuurder was die heer Darragh en die skool het onder leiding van mej. Lettie Impey gestaan.(3) Ons aandag word gevestig op die doelstelling van die skool: „Thorough English in all its branches with needlework, plain and fancy."(4) Die skoolfooie sou van 10/- tot £1 per maand wissel. Die eerste amptelike aanduiding van die skool vind ons in die inspeksieverslag van die jaar 1888, toe die skool as die „Johannesburg Meisjeschool" beskryf is. Die inspeksie wat op 19 Oktober 1888 plaasgevind het, het aangedui dat die lokaal goed is. Van die drie-en-sestig leerlinge in die skool was net drie-en-vyftig teenwoordig op die dag van die inspeksie. Die leerlinge is in vier groepe verdeel:

| | | |
|---|---|---|
| Benede Standerd I: | 38 leerlinge. | |
| Standerd I: | 5 leerlinge. | Spel en lees goed. |
| II: | 7 leerlinge. | Leesbeginsels goed. Rekene redelik. |
| Standerd III: | 3 leerlinge; | lees 2 seer goed, 1 nie goed nie. Diktee redelik, Rekene goed, Skrif redelik, Sang net begin, Engels goed, Frans word geleer, Handwerk vir meisies onderrig.(5) |

Vroeg/

(1) St. Mary's College Jaarblad, 1938 (Viering van vyftigjarige bestaan.)

(2) Standard and Transvaal Mining Chronicle, 18 Januarie 1888.

(3) Inspeksieverslag 1888, 12. (Die dame het haar eie skool aan die begin van 1890 geopen.)

(4) Standard and Transvaal Mining Chronicle, 18 Januarie 1888.

(5) Inspeksieverslag 1888, 12.

Vroeg die volgende jaar is die skool weer deur die heer Stiemens geïnspekteer en die skool is toe as die „St. Marie High Meisjeschool" beskryf. Die dag is net twee-en-veertig van die vier-en-vyftig leerlinge teenwoordig gevind. Die werk was bevredigend.(1)

Die skool, alhoewel vir meisies bedoel, het ook 'n voorbereidende afdeling vir klein seuntjies gehad.(2)

Dat Darragh op goeie voet met die amptenare verkeer het, is bewys deur sy korrespondensie wat hy met die Onderwysdepartement gevoer het. Hy het probeer om die wet te gehoorsaam soos hy dit vertolk het. Leerlinge in die skole het gewoonlik nie lank gebly nie, daar die verblyf van die bewoners van werk en salaris afgehang het. As hulle elders beter werk kon aanvaar, het hulle verhuis. Inspeksies het eers jaarliks plaasgevind maar kon enige tyd plaasvind en as in aggeneem word dat die subsidie van die Onderwysdepartement betaalbaar was en afgehang het van 'n gunstige inspeksierapport, verstaan ons dat in die skole van Darragh wel aan die wet voldoen is.

(iii) „<u>St. Mary's High School for Boys</u>." Die lokaal vir die skool was ook die St. Marykerksaal in Eloffstraat en het onder die leiding van die heer F. Crane begin. In die advertensie waarna ons verwys het, is bekend gemaak dat gesonde onderrig, volgens die model van die „Home Grammar Schools," verskaf sou word, insluitende 'n deeglike begin in enige van die handelsvakke, met onderrig in Hollands, Frans, Latyn en hoër matesis vir die leerlinge wat daartoe bevoeg was. Sang sou deel van die leerplan uitmaak. Die skoolfooie het ook van 10/- tot £1 gewissel,

volgens/

---

(1) Inspeksieverslag 1889, 16 - 17.

(2) Occasional Paper Vol. 1, No. XIV, Mei 1889.

volgens die ouderdom en standerd van die leerling.(1) Die skool is ook aan die einde van 1888 geïnspekteer, maar is as die „Presbyteriaansche Jongenschool" beskryf, moontlik omdat die skool in die kerkgebou gehuisves is voordat dit na die St. Marykerksaal verhuis het. Herbert Goodwin is spesiaal deur Darragh na Johannesburg gebring om die skool oor te neem, en toe hy later sy ervaringe in die blad van die Biskop van Pretoria meedeel, vertel hy dat hy in Junie 1888 hoof van die skool geword het.(2) Dit word vermoed dat die meisieskool gegroei het en Darragh genoodsaak was om 'n ander lokaal vir sy seunskool te soek en dus die skool in die Presbyteriaanse of Skotse kerk laat huisves het.(3) Van die drie-en-tagtig leerlinge wat die skool bygewoon het, was net nege-en-sewentig aanwesig. Die inspekteur het 32 leerlinge benede standerd II, dertig in standerd III en sewentien in standerd IV gevind. Die jonger seuns het nog saam met die meisies skoolgegaan. Hier is gevind dat bo en benewens die gewone lees, skryf en reken, ook aardrykskunde en geskiedenis van Suid-Afrika, sowel as Latyn en boekhou onderrig is.(4) Na die inspeksie, toe Goodwin sy artikel geskryf het, het hy meegedeel: „The school passed satisfactorily the examination of the Government Inspector, who examined through the medium of Dutch, and earned thereby the very liberal grant of the Transvaal Government. Their Education Act is a most liberal and valuable instrument. They grant a liberal support of £3 per head per annum to every scholar in the lower standards who puts in fifty attendances during the quarter./

---

(1) Standard and Transvaal Mining Chronicle, 18 Januarie 1888.

(2) Occasional Paper Vol. 1, No. XIV, Mei 1889.

(3) Ibid. Goodwin sê dat die St. Marykerksaal gebou was om 300 mense 'n diens te laat bywoon was vergroot en dus moes die skool verhuis en amper doodloop as gevolg van die verandering van lokaal.

(4) Inspeksieverslag 1888, 12.

quarter. £5 to those of needy parents who are unable to pay school fees. The only conditions are that -

(1) the school shall open with prayer and the reading of the Scriptures, and that each denomination shall give its own dogmatic instruction and

(2) that Dutch shall be taught to each scholar claiming the grant."(1) Toe die waarnemende Superintendent Johannesburg besoek het, het hy die skool op 18 Februarie 1890 geïnspekteer en die skool as die „St. Mary Boy's School" beskryf. Die skool het weer van hoof verander en het onder die leiding van die eerw. H.B. Sidwell gestaan. Die dag was negentig van die eenhonderd-en-sestig leerlinge teenwoordig, vyftig was weens die reën en ongunstige weer afwesig. Hy het die werk wat gedoen word bevredigend gevind, en het gemeld dat die skool benewens die gewone skoolvakke ook Hollands, Engels, Hoog-Duits, Frans, Latyn, Grieks, wiskunde, letterkunde, teken, boekhou en musiek onderrig.(2) Hiervan kan afgelei word dat die skool gepoog het om as middelbare skool te dien. 'n Jaar later, met die volgende inspeksie op 24 Februarie 1891, is die inspekteur tevrede, maar na die datum is alle subsidie van die skole van Darragh verwyder, daar hy kleurlinge saam met blankes opgevoed het.

(iv) „<u>St. Michael's College.</u>" Die Superintendent is deur eerw. Darragh in kennis gestel dat hy 'n nuwe skool vir seuns onder sy leiding geopen het met die naam „St. Michael's College," ten einde die seuns van „een hoogere opvoeding" te voorsien. Die skool sou 'n poging aanwend om behalwe die vakke wat sy skool, die „St. Mary's School" onderrig, les te gee in paedagogiek, regsgeleerdheid en landboukunde.(3) Die hoeksteen van die skool is op/

---

(1) Occasional Paper Vol. 1, No. XIV, Mei 1889.
(2) Inspeksieverslag 1889, 16.
(3) OD 7, Huishoudelike bepalinge voor „St. Michael's College voor Jongens," ingedien op 24 April 1890.

op 11 April 1890 deur Regter Kotze gelê,(1) en die skool is vir leerlinge aan die begin van Augustus van daardie jaar geopen.(2) Die skool het geen inspeksie beleef nie. Toe die skool in 1891 deur 'n inspekteur, F.P. Crots, B.A., besoek is, het moeilikheid ontstaan wat staatsondersteuning aan Darragh se skole tot 'n einde gebring het. Hierdie skool het wel floreer soos blyk uit die kerklike geskrifte, aangehaal deur eerw. Dymond.(3) Dat die skool self nie die oorsaak van die weiering van die subsidie was nie, is bekend, maar al die skole onder die beheer van Darragh is geraak. Die skool kon nie lank staande bly nie, en het later die eiendom van die onderwyser J. Russouw geword.

(v) Die „Perserverance" Skool. Darragh het self aan een van die grootste opvoedkundige probleme van Suid-Afrika geraak toe hy hierdie skool gestig het. Die skool en St. Cyprian's het vir die eerste keer die probleem van die opvoeding van die nie-blanke kind op die goudveld na vore gebring. In Oktober 1891 het Darragh aan die Onderwysdepartement bekend gemaak dat hy 'n skool „net voor armen kinders" sou stig, maar dit sou uitsluitlik vir blanke Engelse en Hollandse kinders wees.(4) Die heer G.A. Ode van die Onderwysdepartement het Darragh versoek om so gou moontlik die huishoudelike bepalinge van die skool in te dien, omdat daar tot op daardie tyd geen geval van 'n skool in die rekords van die Onderwysdepartement voorkom wat uitsluitlik arm kinders as leerlinge sou hê nie.(5) Prof. N. Mansvelt het die betrekking van

onderwyshoof/

(1) Miscellaneous Documents: Church of the Province of South Africa. Lêer: Education.

(2) OD 7, H.B. Sidwell - Supt. van Onderwys, 6 Aug. 1890.

(3) Dymond: Jeppe Jubilee, 22.

(4) OD 8, J.T. Darragh - Supt. van Onderwys, 24 Okt. 1891.

(5) OD 221, G.A. Ode - J.T. Darragh, 26 Okt. 1891.

onderwyshoof van die Republiek aanvaar vanaf Junie 1891, en was blykbaar nie tevrede met die stigting van die skool nie, want daar is seker nie sulke arm mense in die Republiek en hoofsaaklik in Johannesburg dat die ouers nie eers 'n ietsie tot die skoolgeld kon bydra nie. Om wel aan te dui wat gaande was, word hier die huishoudelike bepalinge van die skool aangehaal:

„1 a. Deze school volgens wet gehouden zal worden.

b. Deze school is bestemd voor de armste klasse van Hollandsch of Engelsch sprekende kinderen, slechts inboorlingen of naturellen(1) uitsluitende. Deze klasse van kinderen moet zich nu het slechtse onderwijs laten welgevallen.

2. De Schoolgelden zullen zeer gering /6(d) per week voor kinderen van den leeftijd van zes tot twaalf, en 1/- per week voor kinderen onder zes of boven twaalf. Slechts eenige van de armsten zullen, indien zulks nodig is, vrij worden toegelaten, om te verhinderen dat de ouders zich as bedeelden rekenen of slachtoffers van het gouvernement te maken.

3. Godsdienstig onderwijs zal een uur per dag gegeven worden aan de onkundigste en een halfuur aan hem die meer gevorderd zijn.

4. De school zal met gebed geopend en gesloten worden.

5. De kinderen zullen een goed elementair onderwijs ontvangen met zingen, gimnastiek en handwerken.

6. Zoowel jongens als meisjes zulle toegelaten worden.

7. Het onderwijs zal zooveel mogelijk in het Hollandsch/

---

(1) Ek onderstreep.

Hollandsch gegeven en waar de kinderen het Hollandsch nog niet kennen, zal het hun dagelijk onderwezen worden.

8. De schooluuren zullen zijn van 9 v.m. tot 1.30 n.m.
9. De school zal den 2den November 1891 geopend worden."(1)

Aan Darragh is teruggeskryf dat die skool nie aangeneem kan word voordat die skool volgens die wet gereël word nie, want in die huishoudelike bepalinge is geen aanduiding gegee wie die onderwysers sou wees nie, en watter kwalifikasies hulle besit nie.(2) Toe die sertifikaat van mej. E. Ham ingedien is - sy sou die hoof van die skool wees - kon nie van die sertifikaat uitgemaak word of die dame bevoeg was om deur middel van Hollands onderrig te gee nie. Intussen sou die skool 'n toelae toegestaan word tot die eerskomende inspeksie.(3)

Toe inspekteur Crots sy inspeksie van Johannesburg begin het, het hy iets onaangenaams ontdek en skryf aan Mansvelt dat hy die skool nagegaan het en: „heel toevallig hoorde ik van eene school voor kleurlingen in Ferreiraskamp die Regeeringstoelage krijgt. Ik wist natuurlijk dat dit met de Wet in strijd was. Op mijn lijst van gesubsidieerde scholen staat de naam van mej. E. Ham. Gisteren (Vrijdag) zocht ik voor de school, en tot mijne verbasing kwam ik op die doelde kleurlingen school af. De school draagt den naam van Perserverance school, - leerlingen op het register 68, tegenwoordig 38. Moet ook deze school geïnspekteerd worden? Sedert wanneer krijgt

deze/

---

(1) OD 13. Huishoudelike Bepalinge voor het Perserverance School, gedateer 28 Oktober 1891.

(2) OD 221, G.A. Ode - J.T. Darragh, (ongedateer)

(3) OD 221, N. Mansvelt - J.T. Darragh, 30 November 1891.

deze school subsidie?"(1) Die brief het Mansvelt ontstel want die Maandag, die dag waarop hy Crots se brief ontvang het, is 'n brief aan Darragh gerig: „Het is voor den Superintendent van Onderwijs een pijnlike ervaring te moeten vernemen dat een school die ook onder uwe leiding staat, uit kleurling leerlingen is samengestel, terwijl gij zoo goed als ieder Schoolbestuurder weet dat deze staat zich in het geen enkele opzicht bemoeit met het onderwijs, ander dan aan kinderen van blanken gegeven. Reeds kreeg die kleurlingen school 'de Perserverance School' over de maanden November en Desember op onwettige wijse £21. 2. 0 voor subsidie. In de huishoudelike bepalingen dien school belooft gij nadrukkelijk 'slechts inboorlingen of naturellen te zullen uitsluiten van die school.' Hoe gij aan deze belofte beantwoord het, laat ik gaarne ter mededeling aan u over. Bovendien kunt gij stellig geen onwetendheid op 't punt in kwessie voorgeven, aangesien reeds voor ruim een jaar de heer de Jonge, Inspecteur van Scholen, kleurlingen vind in een uwer scholen en u daarop wees."(2) Terselfdertyd is aan Darragh meegedeel dat alle skoolsubsidie vir die skool geweier is.(3) Dat die Onderwysdepartement nie met die toestand tevrede was nie, is aangedui deur die oorhandiging van die saak aan die Staatsprokureur om verder op te tree.(4) Sy advies was dat subsidie nie langer aan skole van Darragh toegeken kon word nie, tensy bewys gelewer kan word dat al die leerlinge wat die skole bywoon wel tot die blanke bevolking gereken kan word.(5)

(vi) /..

---

(1) OD 13, F.P. Crots - N. Mansvelt, 20 Feb. 1892.
(2) OD 223, 226/92 G.A. Ode - J.T. Darragh, 23 Feb. 1892.
(3) OD 223, Dienstelegram: Mansvelt - Darragh, 22 Feb.1892.
(4) OD 223, 267/92 G.A. Ode - Staatsprocureur, 2 Maart 1892.
(5) OD 223, 378/92 G.A. Ode - J.T. Darragh, (ongedateer).

(vi) „St. Cyprian's School." Die skool was in Velskoendorp net ten weste van Brickstands en Burghersdorp geleë en is blykbaar in 1890 gestig. Die skool het onder die beheer van Vader Shaw van die Anglikaanse kerk gestaan en is bygewoon deur kleurlinge, Indiërs, Bantoe en blankes, almal in dieselfde klaskamer.(1) Die hoofonderwyseres was mej. Emma Shaw, bygestaan deur mej. Soamers. Dit is die skool wat De Jonge besoek het, en waarna Mansvelt in sy brief verwys. Die enigste spoor in die inkomende stukke van die Onderwysdepartement is die brief van De Jonge waarin hy melding maak van sy besoek. Hy skryf: „Heden, na eene school alhier geinspecteerd te hebben, hoorde ik van twee onderwijzers, van de 'Saint Cyprians Mishion School' ook subsidie van het gouvernement ontvangt. Ik ben de onderwijzers gaan opzoeken en zij heeft mij verteld, en daar zijn getuigen voor, dat zij alreeds subsidie ontvangt heeft: en wat is nu het geval? Al de leerlingen zijn kleurlingen. Sinds wanneer geef de Regeering ondersteuning aan de Zendingscholen voor bastaards en kaffers? Mijne gedacht is, dat John Darragh bedrog heeft gepleegd."(2)

Die skool is nie in geskrifte van Darragh gemeld nie toe hy aan die Onderwysdepartement geskryf het. Alhoewel die skool geen ondersteuning van staatsweë ontvang het nie, het hy voortbestaan en is tydelik deur die oorlog gesluit. Na die oorlog is hy weer deur die East Greenstead Sisters geopen.(3)

(vii) Die Opvoedkundige Werk van eerw. Darragh. Darragh het besef dat daar talle kinders saam met hul

ouers/

---

(1) Koerant uitknipsel: Brief van A.S. Vil-Nkomo insake St. Cyprian's in lêer 968. 221 van die Strange biblioteek.

(2) OD 7, C.G. de Jonge - H. Stiemens, 25 April 1890.

(3) Koerant uitknipsel: Brief van A.S. Vil-Nkomo.

ouers in die goudstad aangekom het en dat daar geen skole vir hulle was nie. Dat die kinders op die strate moes versleg, het hom gehinder en dus het hy onder leiding van sy kerk soveel kinders in die skole probeer plaas as wat hy kon. Onderwys was nie verpligtend nie, maar 'n poging kon aangewend word om diegene te help wat dit die nodigste gehad het. Buiten die suiwer Anglikaanse inrigtings soos die St. Mary skole, het ons ook die Perserverance en St. Cyprian skole wat die minder bevoorregtes wou help. Daar is min aanduiding gegee van wie blank en wie nie-blank was. William Goch het ook in sy Onsektariese skool die kinders in twee groepe verdeel: Engels of blanke kinders, Hollands of gekleurde kinders.(1) Dat Darragh soms teen die wet gegaan het om skole te verskaf, doen nie afbreuk aan sy groot taak wat hy verrig het om skole te stig nie.

Jan Eloff, die mynkommissaris, het Darragh aan Mansvelt voorgestel toe die nuwe Superintendent sy betrekking aanvaar het en het gesê: „hij (Darragh) heeft sedert de beginne dat hij hier kwam in 1887 veel gedaan aan het onderwijs en was een der eerste Engelsche leeraren die met magt gewerkt heeft de Engelsch sprekende kinderen in Johannesburg Hollandsch te laten leeren."(2)

(c) Die Hollandse Kerke.

Die Hollandse kerke het ook gevoel dat die taak van die onderrig van die kinders by die ouers tuishoort, en dat dit die kerk se plig is om toesig oor die werk te hou. Die derde vraag van die doopsformulier wat aan die ouers gestel is, is of hulle die kind in die leer van die Christelike/

---

(1) OD 7. Schoolverslag van de Onsectarische School, Johannesburg van den 6den Mei tot den 5 den Juli, 1889.

(2) OD 8, J. Eloff - Supt. van Onderwys, 21 Okt. 1891.

Christelike kerk sou laat onderrig.(1)

Die eerste skool van Johannesburg is deur ds. J.N. Martins van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in die lewe geroep. Ds. Martins was in die jaar 1887 nog nie bevestig nie, alhoewel hy hom hier op die goudveld in 'n werkkring bevind het. Die godsdiensverslag van die gemeente Johannesburg vir 1888 wat onder ds. H.S. Bosman, die gemeente se konsulent, gestaan het, gee die opvoedkundige werk wat die gemeente gedoen het, soos volg weer:

> „Wat word in u gemeente gedoen voor het onderwijs der jeugd? (Antwoord.)?
>
> Hoeveel onderwijzers zijn er? (Antwoord.)?
>
> Hoeveel word naar schatting onderwezen? (Antwoord)?" (2)

Die konsulent het blykbaar nie veel kennis gedra van die skool van Harper Riley, wat in die lewe geroep is as gevolg van die pogings van ds. Martins. Toe die skole begin het, het kerkraadslede gewoonlik op die skoolkommissies gedien, en dus het die kerk indirekte invloed op die skool uitgeoefen. Ons merk verder op dat die grootste aantal van die skole, wat Hollands as medium gebruik het, geleë was in die dele van Johannesburg wat die digste bevolk was, waar die werkers en arm mense gewoon het. In die dele bewoon deur die uitlander, is daar min skole gevind, daar die kinders gewoonlik na een van die Engelse skole gestuur is. Die ryk inwoners van Johannesburg het nog hul kinders in Engeland laat opvoed, terwyl die uitlanders wat hulle hier kom vestig het maar gebruik gemaak het van die kerk- en ander skole.(3)

Aan/

---

(1) Die Berymde Psalms, 120. Formulier om die Heilige Doop aan die kinders te bedien.

(2) Godsdiensverslag van Johannesburg voor het jaar 1887.

(3) Star, 22 September 1902.

Aan die begin van 1887 is grond deur die Ned. Herv. of Geref. Kerk aangevra sodat 'n kerk vir die plaaslike lidmate gebou kon word.(1) In die gebou is die eerste skool op 15 Junie 1887 geopen.(2) Ds. P. Postma, predikant van Pretoria, het op 1 April 1887 aansoek gedoen om 'n standplaas vir 'n kerkgebou, en is op 26 April 1887 'n standplaas (No. 88), net soos die ander kerke, toegeken. Terwyl die Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerke regstreeks opgetree het, het die twee Hollandse kerke hul belangstelling getoon in alle Hollandse skole wat gestig is. Behalwe die twee kerkskole is min gedoen om verdere skole onder die beheer van die kerk te stig.

(i) Goewermentskool, Johannesburg. Die ontstaan van die skool is reeds beskryf.(3) Hoe lank die skool staande gebly het, is onbekend. In die godsdiensverslag van ds. Martins van 1890 kom die skool nie voor nie, en alhoewel die bande van die Onderwysdepartement nagegaan is, is geen spoor van die skool te vind nie, sodat vermoed word dat hy ondergegaan het. 'n Ander skool het wel in die lokaal begin, die bekende Opvoedingsinstituut. Dat die skool aan die begin van 1888 wel nog bestaan het, is in die inspeksieverslag vir die jaar 1887 aangedui. Die skool is op 25 Januarie 1888 geïnspekteer en die heer C.J.Maritz, wat vanaf November 1887 aan die skool verbonde was, het op 16 Januarie 1888 die hoof van die skool geword. Hy is deur mej. M.E. Rothmann bygestaan. Die skool is in die kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente gehuisves, waar daar wel ruimte was, maar nie doelmatige meubels vir 'n skool nie. Selfs geen skryfbord was te vinde nie, dog die

dog die/

---

(1) Gray: Payable Gold, 159.

(2) Ibid., 209 - 210.

(3) a. Ibid., 160.
b. Vide Hoofstuk II, 33 - 35.

dog die inspekteur het die werk van die nege-en-twintig leerlinge teenwoordig bevredigend gevind. In die rapport het die inspekteur daarop aangedring dat Art. 7 van die skoolwet insake die medium toegepas moes word, terwyl kerkmusiek onderrig en die klasse behoorlik ingedeel moes word.(1) Hierdie is die eerste aanduiding dat die toekomstige skole, sowel as dié een, meer tyd aan die vreemde taal Engels bestee het as aan die landstaal self.

(ii) Gereformeerde Kerkskool. Die Gereformeerde kerk het eers in Oktober 1890 'n skool in Johannesburg onder leiding van mej. C. Stroebel opgerig. Die Gereformeerde gemeente in Johannesburg was blykbaar kleiner as die Verenigde Kerk, maar die skool is met 22 leerlinge begin.(2) Ons merk op dat die voorsitter van die skool, G.L. van der Walt, vanaf 15 Junie 1887 die hoof van die Heidelbergse dorpskool was, maar wat hom nou op die goudveld kom vestig het.(3) Toe die skool op 4 November 1890 deur die inspekteur besoek is, het hy dertig leerlinge daar gevind en die onderrig is as seer elementêr beskryf. Dit is te verstaan, daar die skool nog net een maand bestaan het. Of die skool lank daarna voortbestaan het, is nie bekend nie. Behalwe 'n brief van mej. Stroebel aan die heer Stiemens in verband met haar toelae, hoor ons nie meer van die skool nie. Ons moet meld dat daar groot vertraging van die uitbetaling van subsidie was, en meer as een keer moes die meeste van die skole aansoek om die geld doen. Wrywing het onder die Hollandssprekendes ontstaan en dit blyk dat die Gereformeerde Kerk die Fordsburg Publieke skool ondersteun het in teëstelling met die/

---

(1) Vide Hoofstuk II, 33 - 35.

(2) Inspeksieverslag 1887, 24.

(3) a. Ibid.
b. Inspeksieverslag 1888, 13.

die Verenigde kerkskool.

(d) <u>Baptiste of Doopgesinde Kerk.</u>

Soos meeste van die skole van die tyd, is die skool van die kerkgemeenskap gereël in 'n groot saal, die van die goeie Tempelieren (Good Templar's Hall) onder leiding van die heer A.E. Sissing vanaf 1 April 1889.(1) Onderrig is aangebied in Engels, Hollands, musiek en sang, terwyl die medium Hollands was.(2) Die skool is met vyf-en-veertig leerlinge geopen, maar toe dit op 25 Maart 1890 geïnspekteer is, was slegs sewe-en-vyftig van die vyf-en-sestig leerlinge teenwoordig. Alhoewel die inspekteur met die werk van die skool tevrede was, meld hy dat die kennis van die kinders goed is, maar dat hulle dit moeilik vind om in Hollands antwoord te gee.(3) Dit blyk dat, alhoewel Hollands as die medium in die huishoudelike bepalinge aangegee is, die skool die artikel nie streng toegepas het nie. Aan eerw. W.F. Kelly is geskrywe insake die medium van die skool en sy antwoord namens die skoolbestuur was dat sy skool aan Art. 9 en 12 van die skoolwet voldoen.(4) Die skool het 'n verdere poging aangewend om sy subsidie te behou, want toe die skool op 3 Maart 1891 besoek is, het die inspekteur sy tevredenheid oor die werk van die skool uitgespreek.

(e) <u>Die Wesleyaanse Kerk.</u>

Die kerkgenootskap het net soos die ander kerke 'n begin met onderrig van die kinders van Johannesburg gemaak. Volgens die inspeksieverslag van 1890 was

mej./

---

(1) OD 5, W.V. Kelly - Supt. van Onderwys, 17 April 1889.

(2) OD 5. Huishoudelike bepalinge van die Baptisten Kerk Publieke School ingedien 17 April 1889.

(3) Inspeksieverslag 1889, 55.

(4) OD 7, W.V. Kelly - Supt. van Onderwys, 19 Junie 1889.

mej. K.M. Hamer vanaf 15 Oktober 1889 as hoof aan die skool verbonde.(1) Die skool het ook staatsondersteuning verlang, en was bereid om Hollands te onderrig en sodoende aan die wet te voldoen.(2) Die skool was uitsluitlik vir meisies en het as die „Wesleyan Day School" bekend gestaan. 'n Tweede skool onder die beheer van die kerk was die „Wesleyan Grammar School" wat in Jeppestown geleë was, en is in 1891 gestig. Die „Wesleyan Day School" het in Maart 1889 met ses-en-dertig leerlinge begin, en het onderrig in elementêre Hollands verskaf.(3) Die lokaal van die skool was in die kerk en toe die inspekteur die skool op 21 Februarie 1890 ondersoek het, was hy tevrede met ag-en-dertig van die vier-en-vyftig leerlinge, maar het gevind dat die onderrig in die skool nog elementêr was.(4) Alhoewel mej. Hamer die hoof van die skool was, was mej. C.J.P. Desvages vir die Hollands verantwoordelik en ons vind hier dat die skool albei tale as medium gebruik het, en net subsidie aangevra het vir die kinders wat deur middel van Hollands onderwys ontvang het. In 1891 het die inspekteur die ses-en-dertig leerlinge wat hy geïnspekteur, het, bevredigend gevind.(5) Alles het blykbaar goed gegaan soos in baie van Johannesburg se skole, maar toe Mansvelt sy pos aanvaar en gepoog het om die onderwysstelsel op grondiger beginsels te bou, is aan baie van hulle staatsondersteuning geweier, omdat die onderwysers nie lede van 'n protestantse kerk was nie. Die skool se subsidie is in 1892 om die rede teruggetrek, en eerw. R.F. Appelbe het die Onderwysdepartement in kennis gestel

dat/

---

(1) Inspeksieverslag 1890, 84.

(2) OD 5, G. Weavind - Supt. van Onderwys, 14 Maart 1889.

(3) Ibid.

(4) Inspeksieverslag 1889, 18.

(5) Inspeksieverslag 1890, 84.

dat een van die onderwysers, teen wie die klag ingedien is dat sy nie 'n lidmaat van 'n erkende kerk was nie, in die openbaar lid geword het van een van die protestantse kerke.(1) Die skool het nie daarin geslaag om weer 'n subsidie te ontvang nie, want in Maart 1893 is eerw. Appelbe in kennis gestel dat die rykstoelaag nie toegestaan word nie, aangesien die dames J. Potgieter en H. Jankowitz nie die vereiste bekwaamheid in die Hollandse taal besit het nie, soos vereis van die onderwysers wat deur middel van die taal onderrig gee.(2) 'n Onderwyser wat Hollands as vak aan 'n Engelsmedium skool onderrig, moes daartoe gesertifiseerd wees.(3) So het die skool, soos baie wat ons nog sal teëkom, ondergegaan, omdat geen toelae van die Onderwysdepartement verkry is nie. Mej. Hamer, die hoof van die skool, het weer 'n ander skool gestig en ons sal sien dat hierdie een,van die beste private skole sou word.

4. Ander Skole.

Ander pogings is aangewend om skole te stig, maar min is voor 1889 deur private inisiatief gedoen. Die sentrale Johannesburg, die besigheidsentrum van die goudvelde, het skole in die meeste van die kerke gehad wat gebou was op grond wat deur die Staat vir die doel afgestaan is. Buiten Johannesburg self is daar minstens vier skole in Fordsburg geopen. Die feit dat die vier skole deur Afrikaanssprekendes geopen is, dui aan dat die Afrikaanse gemeenskap van die goudstad hulle grotendeels hier kom vestig het. Net waar standplase in nuwe dele van die dorp verkoop is, vind ons skole, maar hoofsaaklik in dié dele waar die mynwerkers gewoon het.

(a) Skole/

---

(1) a. OD 223, 162/92 N. Mansvelt - F.P. Crots, 15 Feb.1892.
b. OD 224, 550/92 G.A. Ode - R.F. Appelbe, 16 April 1892.

(2) OD 227, 516a/93 G.A. Ode - R.F. Appelbe,21 April 1893.

(3) Ibid.

(a) Skole in Johannesburg.

Of die twee skole die naam van Onsektarische skole ontvang het, om aan te dui dat hulle nie die een of ander kerk ondersteun nie, is onbekend. Die inisiatief om skole te stig, het by die ouers berus, en toe dit bekend word dat 'n toelae van die Regering vir 'n skool verkry kon word nadat 'n skoolkommissie saamgestel is, 'n kommissie wat verantwoordelikheid vir die skool sou aanvaar, is skole gestig. Omdat elke skool aansoek sou doen om die staatstoelae te ontvang deur aan die vereistes van die wet te probeer voldoen, is daar gevoel dat al die skole wat in Johannesburg tot stand gekom het, nagespoor is.

(i) Die Onsektariese Skool van Chas. Coldrey. Na die pogings van die Rooms-Katolieke en Anglikaanse kerke om skole te stig, vind ons dat 'n „Onsectarische School" (Undenominational) sy deure vir leerlinge op 1 April 1888 onder leiding van die Coldrey-familie geopen het.(1) Toe die eerste inspeksie van die skool op 24 April 1890 plaasgevind het, het die personeel van die skool uit mnr. en mev. Chas. Coldrey en mejj. M. en L. Coldrey bestaan. Die skoollokaal was geskik vir 'n skool en die inspekteur merk op dat drie skryfborde in gebruik was. Die skool se rooster was goed. Van die eenhonderd-en-sewentien leerlinge was net ag-en-tagtig aanwesig, terwyl nege-en-twintig aan koors gely het. Die skool is deeglik ondersoek en daar die werk van 'n grondiger aard blyk te wees as wat dit die geval in meeste skole was, word die rapport in sy geheel aangehaal:

„Leerlingen benede

Standaard I: 15 - Leer letters.

Standaard I: 12 - Spel en lees, in Leesboek voor Zuid-Afrika, le deel: voldoende.

Standaard/

(1) Inspeksieverslag 1889, 53.

| | |
|---|---|
| Standaard II: | 23 - Lees soos bo: Zwak.<br>Geen kennis van interpunksie.<br>Rekening 1 - 1000: Zwak.<br>Optel en aftrek met drie cijfers: Bevredigend.<br>Romeinse cijfers: Taamlik. |
| Standaard III: | 18 - Lees soos bo: Taamlik bevredigend.<br>Diktee: Taamlik zwak.<br>Rekene: Hoofbewerking: Taamlik goed.<br>Tafels: Vrij goed.<br>Romeinse cijfers: Redelijk.<br>Spraakkunst: Hoogs geringe kennis van rededelen. |
| Standaard IV: | 20 - Lees in 3e deel van Leesboek voor Zuid-Afrika en Volksleesboek. Diegene wat in Leesboek lees: Zwak. Diegene wat in Volksleesboek lees: Beter.<br>Begrip: Zeer goed.<br>Diktaat: Redelijk.<br>Rekene: Eendeel ken samengesteld en tafels van geld, mate, gewigte en andere meer, nl. breuke.<br>Spraakkunst: Enige kennis van ontleeding en rededelen.<br>Aardrijkskunde: Algemeen en Zuid-Afrika: Zeer bevredigend.<br>Geschiedenis van Zuid-Afrika en Transvaal: Voldoende. |
| Hele skool: | Bijbel bevredigend. |
| Skrif: | Kleintjes: Volgens voorskrif. |
| Standaard IV: | Skrif oor de algemeen zeer goed, ander taamlik. |
| Sang: | Kennis van B. mol en B. dur: zeer gering.<br>Kinderen het ander muziek geleer.<br>Engelsche liedjes welluidend. |
| Engelsch: | Step by Step I, II, Royal Readers III, IV en VI: Lees en vertaal zeer goed. |
| | Drie leerlingen ontving onderrig in algebra. |
| | Tekening word onderrig. |
| | Handwerk voor meisjes word met vrucht onderrig."(1) |

Uit die rapport blyk hoeveel die heer Coldrey probeer verrig het.

Die volgende inspeksie in November 1890 het ook aangedui dat die onderwys deur die Coldrey-familie bevredigend was.(2) Coldrey het hard gewerk om sy skool vooruit te

laat/

---

(1) Inspeksieverslag 1889, 53.

(2) Inspeksieverslag 1890, 5 Nov. 1890, 90.

laat gaan, so hard dat hy aan die begin van 1891 'n nuwe skool vir hom laat bou het, daar hy meer ruimte nodig gehad het. Hy het probeer om sy toelae vooruit te kry, sodat hy vir 'n deel van die boumateriaal en loon van die werkliede kon betaal, daar hy die Superintendent in kennis gestel het dat hy net £50 kort kom om die gebou te voltooi.(1) Alhoewel ds. Martins ingewillig het om as een van die skoolbestuurders op te tree, het Coldrey nooit 'n vergadering van die kommissie belê nie. Ds. Martins het gevoel dat die skoolkommissie toesig oor die skool moes hou, en het in protes bedank omdat die skoolkommissie sedert die oprigting van die skool nie sy funksies kon uitvoer nie.(2) Coldrey was nie daaroor ontstel nie, en het eerw. Kelly in die plek van ds. Martins benoem.(3)

(ii) <u>Die „Onsektarische" Skool van William Goch</u>. Die skool het as lokaal die „Undenominational Gospel Hall" in Commissionerstraat gehad, en is deur mnr. en mev. William C. Goch geopen.(4) Die eerste inspeksierapport van die skool beskryf die skool as die „Gospel Hall" skool. Alhoewel die skool op 6 Mei 1889 geopen is, het Goch die Onderwysdepartement in Julie in kennis gestel dat die skool nie genoeg benodighede, o.a. tafels, besit nie.(5) Toe die inspekteur die skool in April 1890 besoek het, het sy kommentaar aangedui dat die werk van die skool as „zeer swak" beskou word. Die medium van die skool was Engels en het, volgens De Jonge, verduidelik waarom die kinders nie vrae kon beantwoord nie. Die hoof was onbekend met die skoolwet, en sy subsidie is geweier.(6) Die

heer/

---

(1) OD 8, C. Coldrey - Supt. van Onderwys, 9 Mei 1891.
(2) OD 8, J.N. Martins - Supt. van Onderwys, 27 April 1891.
(3) OD 8, C. Coldrey - Supt. van Onderwys, 18 Junie 1891.
(4) Inspeksieverslag 1889, 56.
(5) OD 7, W.C. Goch - Supt. van Onderwys, 3 Julie 1889.
(6) Inspeksieverslag 1889, 56.

heer Goch het blykbaar geskrik, want na die inspeksie het hy 'n brief aan die Superintendent gerig om te veruidelik waarom hy nie Hollands in sy skool onderrig het nie.(1) Onmiddellik is pogings aangewend om aan die wet te voldoen.(2) Goch het net na hy sy skool begin het, 'n verslag van die vordering van die leerlinge aan die Superintendent inge dien, waarin hy 'n groot fout begaan het. In sy aanduiding van hoeveel kinders sy skool bywoon, het hy hulle soos volg geklassifiseer:

„Europese of blanke kinderen 34
Afrikaansche of Gekleurde kinderen 68." (3)

Dat 'n vreemdeling nie die verskil tussen die kleurlinge en burgers ken nie, het die Onderwysdepartement moontlik ontstel. Geld het begin skaars word, en Goch het 'n poging aangewend om 'n voorskot op sy toelae te kry.(4) Goch kon nie 'n bestaan as onderwyser voer nie, want hy het die skool aan Willem Fourie oorgemaak.(5) Die inspeksie van die skole in Johannesburg het weer in Februarie plaasgevind, maar hierdie skool is nie geïnspekteer nie. Fourie het in Maart gevra om 'n inspeksie, sodat hy 'n toelae kon kry, maar daar die getalle gedaal het en Fourie op sy beurt nie 'n behoorlike bestaan as onderwyser van die skool kon maak nie, het hy sy leerlinge en skool vanaf 1 April 1892 by die Spes Bonaskool laat inlyf.(6)

(iii) „Johannesburg Academy." Die Johannesburgse „Academy" is vroeg in die jaar 1888 onder leiding van T. Gilfillan/

---

(1) OD 7, W.C. Goch - H. Stiemens, 28 April 1890.

(2) OD 7, W.C. Goch - H. Stiemens, 16 Junie 1890.

(3) OD 7. Schoolverslag van de Onsectarische School, gedateerd 9 Julie 1889.

(4) OD 7, W.C. Goch - Supt. van Onderwys, 21 Okt. 1890.

(5) OD 7, W.M. Fourie - Waarn. Supt. van Onderwys, 10 Maart 1891.

(6) OD 13, W.M. Fourie - Supt. van Onderwys, 1 April 1892.

T. Gilfillan Letters geopen. (1) 'n Advertensie het in die „Standard and Transvaal Mining Chronicle" verskyn vir 'n assistente vir die skool.(2) Die lokaal van die skool was die Skotse of Presbyteriaanse kerk. Die skool het blykbaar 'n Hollandse onderwyser in diens geneem om onderrig aan die leerlinge te verskaf, wat verkies het om onderrig deur middel van Hollands te geniet. Die inspeksierapport vir 1888 dui aan dat die skool onder die leiding van mej. J. de Rolen gestaan het. Mej. de Rolen is die dame wat in diens geneem is as gevolg van die advertensie, geplaas deur die hoof van die Johannesburgse „Academy". Die skool het moontlik die mode gevolg, naamlik om subsidie vir die leerlinge in die Hollandse klas aan te vra. Vir die ander kinders is nie om 'n subsidie gevra nie, daar hulle deur Engelsmedium opgevoed word. Die aantal leerlinge soos aangedui in die verslag van die inspeksie gehou op 22 Oktober 1888 toon dat vyf-en-twintig van die skool se sewe-en-twintig leerlinge teenwoordig was.(3) Dat die inkomste, verkry van die fooie wat deur so min leerlinge betaal is, voldoende vir twee onderwysers se salarisse sou wees, hoe gering ook al, blyk ontoereikend te wees.

Toe die skool in April 1890 weer geïnspekteer is, het Stiemens sestig leerlinge in die skool aangetref, waarvan veertig Hollandssprekend was. Volgens die hoof was die medium Engels, maar die veertig Hollandssprekendes het ook onderrig in Hollands ontvang. As gevolg hiervan het die waarnemende Superintendent die subsidie vir die skool geweier.(4) Stiemens het gemeld dat die Hollands wat in die skool onderrig word, niks of weinig beteken.(5) Die skool is weer op 26 Februarie 1891 besoek, maar die inspekteur/

(1) Standard and Transvaal Mining Chronicle, 18 Jan. 1888.
(2) Ibid.
(3) Inspeksieverslag 1888, 12 - 13.
(4) Inspeksieverslag 1889, 29 April 1890, 56.
(5) Ibid.

teur se bevinding was dat nou geen Hollands in die skool onderrig word nie. Letters het besluit dat indien hy geen toelae van die Regering kon ontvang nie, hy nie die taal sou onderrig nie.(1) Huishoudelike bepalinge vir die skool is wel in Junie ingedien, waarin aangedui is dat Spesiale Landdrost von Brandis en ds. J.N. Martins opgetree het as lede van die skoolkommissie.(2)

(iv) Presbyteriaanse Skool. 'n Skool wat gou doodgeloop het, was die Presbyteriaanse skool van mev. E.E.M.J. Budgen, wat op 3 Januarie 1888 geopen het. Toe die inspekteur die skool drie maande na die stigting besoek het, het hy net ses van die ag leerlinge op die register teenwoordig gevind. Die werk van die leerlinge was uiters bevredigend.(3) Die skool kon nie lank staande gebly het nie, want mev. Budgen het diens aanvaar as hoof van die Conventskool wat deur die Rooms-Katolieke kerk gestig is. Dit word vermoed dat sy aan laasgenoemde skool aangestel is, om 'n subsidie vir die skool te kry. Dit is bekend dat sy 'n geruime tyd subsidie ontvang het, as onderwyseres verbonde aan skole in Heidelberg en die wyk Kliprivier. In 'n brief wat sy aan die Onderwysdepartement rig, skryf sy dat sy hoof geword het van 'n skool met eenhonderd sewe-en-veertig leerlinge.(4)

(v) „Somerset House." Wanneer die skool geopen het, is onbekend. Die hoof van die skool was mej. L. Impey, wat vroeër vir Darragh in een van sy St. Maryskole gewerk het. Dit word vermoed dat die skool in die jaar 1889 begin is, daar die eerste brief van haar, as hoof van die skool/

---

(1) Inspeksieverslag 1890, 95.

(2) OD 7, T. Gilfillan Letters - Supt. van Onderwys, 14 Junie 1890.

(3) Inspeksieverslag 1887, 32.

(4) OD 4, E.E.M.J. Budgen - H. Stiemens, 17 Sept. 1888.

skool, aandui dat 'n nuwe komitee vir die skool gekies is, bestaande uit kapt. Von Brandis en andere.(1) Die eerste inspeksie van die skool, wat op 21 Februarie 1890 plaasgevind het, het aangedui dat mej. Impey bygestaan is deur die mejj. Hamer, Wilson, Best, M. Impey, Haal en Rheeders. Die skool was in twee lokale gehuisves, wat bevredigend vir die doel was. Van die eenhonderd-en-dertig leerlinge op die register was eenhonderd-en-ses teenwoordig en die inspekteur het gevind dat, alhoewel die onderrig goed was, daar geen klasindeling bestaan het nie.(2) 'n Jaar later het die inspeksierapport aangedui dat die aantal leerlinge met amper vyftig persent verminder is, omdat daar toe net een-en-sewentig leerlinge in die skool was. Die personeel het ook minder geword, want mej. Impey is toe net deur twee ander dames bygestaan.(3) Met die inspeksie wat vroeg in 1892 plaasgevind het, het die getalle nog verder tot vyf-en-sestig gedaal.(4) Mej. Impey se gesondheid het haar nie toegelaat om langer met die skool aan te hou nie, met die gevolg dat sy aan die einde van die jaar die Superintendent in kennis gestel het dat sy weens swak gesondheid genoodsaak was om haar skool te sluit.(5)

(vi) <u>Johannesburg Collegiate Skool van Jacob Posener</u>. 'n Skool is deur Jacob Posener in Pritchardstraat, net teenoor Von Brandisplein, waarop die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestaan het op 1 Desember 1890, opegrig.(6) Alhoewel net vier-en-vyftig kinders bo ses jaar/

---

(1) OD 6, L. Impey - Supt. van Onderwys 19 Feb. 1890.
(2) Inspeksieverslag 1889, 18.
(3) Inspeksieverslag 1890, 23 Feb. 1891, 9.
(4) Inspeksieverslag 1892, 14-15 Maart 1892, 45.
(5) a. OD 12, 1410/92 L. Impey - Supt. van Onderwys, 20 Des. 1892.
b. OD 226, 1410/92 G.A. Ode - L. Impey, 28 Des. 1892.
(6) OD 8, J. Posener - Supt. van Onderwys, 20 Des. 1890.

jaar die skool bygewoon het, is die onderwyser bygestaan deur vier hulponderwysers, nl. mnre. C. Koll en Kahn, en mejj. Posener en Best. Die heer Koll het aansoek gedoen om sy eie skool op die tydstip te open, maar het blykbaar nie veel sukses gehad nie en dus met Posener saamgewerk.(1) In teëstelling met die skoolkommissies wat ons sover teëgekom het, het die kommissie uit uitlanders bestaan wat van elders gekom het. Hulle was J.P. Meyer, J. Davis, A. Cohen, W. Creamer, I. Schulman, J. Patalski, N. Scheinburg.(2) Die skool het die gebou nie lank gehuur nie, en het aan die begin van Januarie 1891 na 'n gebou in Kerkstraat verhuis.(3) Die skool was nie 'n sukses nie, want dit is die volgende Junie gesluit toe Posener vir sy gesondheid na die buiteland moes verhuis.(4)

(b) Skole In Fordsburg.

Die meeste van die Engelse skole het name gehad om die aard van die skole aan te dui. Die skole in Fordsburg daarenteen het nie name gehad nie en is van mekaar onderskei deur melding te maak van die onderwyser se naam deur wie die skool gereël is. Baie van die Hollandse skole is as „Select School" beskryf, miskien om die skool 'n stempel te gee.

Fordsburg, ten weste van die poskantoor geleë, het die sentrum van die Hollandssprekendes geword en heelwat skole is in die dorpie, wat wel onder die beheer van die Johannesburgse Gesondheidskomitee gestaan het, gestig. Daar is spore van die volgende skole aangetref:

(i) Fordsburg/

---

(1) OD 8, C. Koll - Supt. van Onderwys, 28 Nov. 1890.

(2) OD 8, J. Posener - Supt. van Onderwys, 20 Des. 1890.

(3) Ibid.

(4) OD 8, C. Koll - Supt. van Onderwys, 1 Junie 1891.

(i) Fordsburg (Burger), opgerig 1 September 1889.
(ii) Excelsior (Pretorius), opgerig 6 Januarie 1890.
(iii) Fordsburg (Mev. Moll), operig 1 Februarie 1890.
(iv) Fordsburg (Buchler), opgerig 8 April 1889.
(v) Fordsburg (Koll), opgerig 1 Desember 1890.

Die skole is gestig nadat dit algemeen bekend geword het dat skole maklik geopen kon word en subsidie ontvang het, as aan die skoolwet voldoen is. Dat daar wel wedywering sou ontstaan om leerlinge te trek, is te verstaan.

(i) Skool van P.G. Burger. Die skool is op 1 September 1889 deur die heer P.G. Burger begin, bygestaan deur sy eggenote en mej. J. Powell.(1) Met die inspeksie wat op 23 April 1890 gehou is, was drie-en-vyftig van die nege-en-sestig leerlinge teenwoordig. Die skool kon vordering toon.(2) Nogtans moes Burger ses maande sukkel om sy toelae te kry. Stiemens kon nie uitmaak wat die rekening, wat ingedien moes word wanneer toelae aangevra word, beteken het nie, en het dit herhaalde kere ter aansuiwering teruggestuur.

(ii) Excelsiorskool. Die skool is op 6 Januarie 1890 deur S. Pretorius gestig, maar het gekwyn.(3) C.A. Minnaar was die onderwyser, en alhoewel die skool hom by die Onderwysdepartement laat registreer het, is geen subsidie aan hom uitbetaal nie. Die onderwyser het die skoolstate op 31 Maart ingedien sodat hy sy subsidie kon ontvang. Soos gewoonlik die geval met al die onderwysers was, het hy ook nie voldoende skoolgelde van die leerlinge gekry om 'n bestaan te voer nie, en op 9 April 1890 het hy om sy tjek geskryf.(4) 'n Tydjie na die brief, toe die skool/

---

(1) a. OD 5, Schoolcommissie, Fordsburg - Supt. van Onderwys, 13 Aug. 1889.
b. OD 6, 122/89 P.G. Burgers - Supt. van Onderwys, 13 Sept. 1889.

(2) Inspeksieverslag 1889, 54.

(3) OD 6, S. Pretorius - Supt. van Onderwys, 3 Feb. 1890.

(4) OD 7, C.A. Minnaar - Supt. van Onderwys, 9 April 1890.

skool deur die inspekteur besoek is, is gevind dat dit sonder kennisgewing gesluit is.(1)

(iii) Skool van mev. A.S. Moll. Mev. A.S. Moll, as weduwee Lillycrop, het vir Burger as sy assistente gewerk, maar aan die begin van 1890 het sy haar eie skool begin. 'n Ander dame, wat ook vroeër by die skool van Burger werksaam was, het sy na haar skool getrek.(2) Burger het die dames se salaris gesnoei, daar hy baie leerlinge verloor het, veroorsaak deur sy streng optrede en tug. Sy is deur 'n gedeelte van die ouers wat in Fordsburg gewoon het, oorreed om self 'n skool te stig.(3) Die eerste lokaal van die skool was in 'n kelder vir die doel gehuur.(4)

Burger se skoolkommissie was nie tevrede met die stigting van die opposisieskool van mev. Moll nie, en het aan die Onderwysdepartement geskrywe dat hulle haar voor haar huwelik gehelp het daar sy 'n weduwee met kinders was. Na haar huwelik met mnr. E. Moll is sy deur die skoolkommissie ontslaan, daar sy nou vir haar kinders kon sorg.(5) Die vordering van reeds gestigte skole is benadeel deur die feit dat enigeen, met of sonder kwalifikasie, erkenning as onderwyser van die Onderwysdepartement kon kry. Burger was wel gesertifiseerd en het mev. Moll kwalik geneem omdat sy, volgens hom, onbevoeg om 'n skool te organiseer, deur die Regering toegelaat is om dit te doen.(6) Met die inspeksie van 22 April 1890 is deur die inspekteur aangedui dat die skoollokaal te klein was vir die eenhonderd-en-tien leerlinge/

(1) Inspeksieverslag 1889, 54.

(2) a. OD 6, Schoolcommissie, Fordsburg - Supt. van Onderwys, 22 Jan. 1890.
b. Inspeksieverslag 1889, 51.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

(5) OD 6, Schoolcommissie, Fordsburg-H. Stiemens, 5 Feb. 1890.

(6) Ibid.

leerlinge.(1) Van die aantal was veertien afwesig weens koors en oogsiekte, wat toon dat Johannesburg nog nie sover met sy gesondheidsreëls gevorder het om die bevolking in 'n sekere mate teen siekte te vrywaar nie. Die skool se meubels het uit verskillende banke bestaan, en daar was geen tafels vir die kinders om op te skryf nie.(2) Die skool het verder gegroei, want die kelder en 'n ander kamer is in Mei in gebruik geneem.(3) Die skool het so vinnig gegroei dat daar aan die einde van Mei 1890 honderd-en-vyftig leerlinge op die register was.(4) Geen skoolgeld is van die ouers geëis nie; hulle kon iets tot die koste van die skool bydra as hulle wou.(5) Dit het meegebring dat baie leerlinge na hierdie skool kon kom sonder dat die ouers aangespoor sou word om skoolgeld te betaal. Die skool het buite die bereik van mev. Moll geraak, sodat sy die aantal leerlinge nie meer kon behartig nie en die skool is deur haar man oorgeneem,(6) nadat sy deur haar geneesheer verbied is om verder onderwys te gee.(7) Toe die skool in November 1890 besoek is, was die onderwys nog in die beginstadium, maar goeie verwagting is gekoester.(8) Die skool het toe 75 leerlinge gehad.(9) Teen Februarie 1891 het die skool tot 86 leerlinge gegroei.(10) Die skool is weer aan die assistente, mev. D.M.M. Steensma, vanaf Augustus 1890 oorgedra.(11)

Of/

---

(1) Inspeksieverslag 1889, 51.

(2) a. Ibid.
b. OD 7, N.E. Moll - Sekr. van Onderwys, 7 Mei 1890.

(3) OD 7, N.E. Moll - Sekr. van Onderwys, 26 Mei 1890.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

(6) Ibid.

(7) OD 10, Schoolcommissie, Fordsburg - Sekr. van Onderwys, 27 Junie 1890.

(8) Inspeksieverslag 1890, 90: Inspeksie deur H. Stiemens, 3 November 1890.

(9) Ibid.

(10) Inspeksieverslag 1890, 80: Inspeksie, 7 Feb. 1891.

(11) OD 7, N.E. Moll - Supt. van Onderwys, 21 Aug. 1890.

Of die opening van ander skole hierdie skool afbreuk gedoen het, is nie duidelik nie, maar aan die einde van 1891 is hy vir goed gesluit, daar die onderwysersook om gesondheidsredes Kolonie toe moes gaan.(1) In die kort bestaan van twee jaar het die skool aangedui hoe die getal Hollandssprekendes in Fordsburg gegroei het. Ons kan hiervan aflei dat hulle nie eintlik die skoolgelde kon bekostig het nie, en te bly was om hul kinders na 'n skool te stuur waar hulle nie verwag sou word om iets by te dra nie.

(iv) Die Skool van Johannes Buchler. Een van die welbekende persone in die Afrikaanse gemeenskap van Johannesburg was Johannes Buchler. Sy skool het floreer, alhoewel dit tussen Ferreirasdorp en Fordsburg van standplaas verander het tot 1893, toe Buchler verder vir predikant gaan studeer het.(2) Hy is in die Kaap opgelei(3) en was een van die min gesertifiseerde onderwysers in Johannesburg in die skole wat Hollands as medium gehad het. Buchler het sy skool in Ferreirasdorp op 8 April 1889 met agtien leerlinge geopen.(4) In Junie het hy aan die Superintendent bekend gemaak dat die lokaal vir sy leerlinge te klein geword het, en dat hy na Fordsburg verhuis het waar hy 'n groter lokaal kon kry. Die twee dorpe was aangrensend. Hy het verder meegedeel dat die skoolure dieselfde sou bly, want die afstand van die ou gebou was maar klein. Dat Buchler blykbaar nie 'n gunstige indruk in die begin gemaak het nie is aangedui deur die inspekteur se brief aan die Onderwysdepartement waarin/

(1) OD 8, M.M. Steensma - Supt. van Onderwys, 29 Nov. 1891.
(2) OD 228, 1510/93 G.A. Ode - J. Buchler, 17 Okt. 1893.
(3) OD 5, Schoolcomitee - H. Stiemens, April 1889.
(4) Ibid.

waarin hy aangedui het dat hy die skool op 21 April, twee weke na die opening, besoek het. Buchler was nie in die skool nie, en die skool is oorgelaat aan twee „kleine meisjes van 12 en ongeveer 16 jaren," onderwyl hy Johannesburg toe gegaan het. Die inspekteur het hom laat haal.(1) Sy inspeksie het aangedui dat Buchler se skool in die saal van die Heilsleër in Ferreirasdorp gereël is. Van die sewe-en-sestig leerlinge was net nege-en-dertig aanwesig. Die inspekteur was tevrede met die begin, maar Buchler is vermaan om die Hollands van sy leerlinge te verbeter, aangesien die inspekteur bevind het dat Engels die oorhand gehad het.(2) Soos sommige ander van die onderwysers op die goudvelde, was Buchler oor die subsidie verleë en moes sukkel om sy geld te kry.

Buchler se skool in Fordsburg het nie goed vooruitgegaan nie. Die voorsitter van Buchler se skoolkommissie sowel as die van die skoolkommissie van Burger se skool, het gekla oor die skool van mev. Moll, daar sy haar skool geopen het sonder die eis van skoolgelde. Sy het al die leerlinge van die hele buurt getrek, sodat hy nie meer in Fordsburg 'n bestaan kon maak nie. Buchler het weer reëlings getref om na Ferreirasdorp te verhuis, daar hy sy leerlinge van die dorp sou behou. Sy assistente, mej. Wright, sou agterbly en die kinders wat onder Buchler se toesig gestaan het, in 'n ander skool huisves.(3) Sake het nie gevlot nie, want in Augustus was Buchler terug in Fordsburg waar sy skool en dié van mej. Wright weer een geword het.(4) Die huur van die lokaal van die Heilsleër

het/

---

(1) OD 5, C.G. de Jonge - L. Borel, 21 April 1889.

(2) Inspeksieverslag 1889, 50.

(3) OD 7, Voorsitter, Schoolcomitee - Supt. van Onderwys, 24 April 1890.

(4) OD 7, J. Buchler - Supt. van Onderwys, 25 Aug. 1890.

het hy te hoog gevind.(1) Die heer Ode kon nie die verandering van standplaas verstaan nie, want hy het 'n aantekening op een van Buchler se briewe tot dien effekte gemaak.(2) Toe die skool in Februarie 1891 geïnspekteer is, was daar drie-en-vyftig leerlinge. Alhoewel die inspekteur tevrede met die skool was, het hy sy ontevredenheid oor die tug uitgespreek.(3) Die bevolking het gedurig na gelang van die aard van die goudvelde verhuis, en alhoewel Fordsburg 'n Afrikaanse sentrum was, het tye veranderinge teweeg gebring. Die verandering is duidelik sigbaar in die skoolkommissie van Buchler se skool. Die bestuur, wat in Mei uitgetree het, het bestaan uit ds. W. Hazenburg en die here Jacob Kruger, Jacobus Duvenage en J.H. Venter. Hulle is vervang deur die here Thomas MacLaren, B.J. Sutherland, H.S. Hoskin, W.C. Hunt en C.A. Wolff.(4) Die uitlanders het nou die voorstad begin inneem. Die skool het, wat getalle betref, stilgestaan, want met inspeksietyd in 1892 was daar sewe-en-vyftig leerlinge op die register. Die skool het grondige onderrig verskaf.(5) Die getalle het wel in Februarie 1893 gestyg tot drie-en-sewentig, maar Buchler het ideale gekoester om predikant te word, en dus was hy van plan om sy skool te sluit. Aan hom is geskryf: „Z. Ed. kan niet verlaten zijn spijt gevoel uit te drukken dat gij het Onderwijs gaat verlaten. Goede onderwijzers hebben wij waarlijk niet te over; een rede ander dezen, die maar hoogst moeilijk op deeglijke wijse kan worden opgevuld. Evenwel een mensch moet zijn roeping volgen....″(6)

Mej./

---

(1) OD 7, J. Buchler - Supt. van Onderwys, 18 Des. 1890.

(2) OD 8, J. Buchler - Supt. van Onderwys, 11 Des. 1890.

(3) Inspeksieverslag 1891, 32.

(4) OD 8, W. Hazenburg - Supt. van Onderwys, 21 Mei 1891.

(5) Inspeksieverslag 1892, Ie deel, 36.
Inspeksie 24 Feb. 1892.

(6) OD 228, 1510/93 G.A. Ode, J. Buchler, 17 Okt. 1893.

Mej. Walton, die assistente van Buchler, het die Onderwysdepartement genader om Buchler se skool oor te neem, maar sy is na die voorsitter van die skoolkommissie verwys.(1) Dieselfde dag het die heer Ode ook aan MacLaren geskrywe in verband met mej. Walton se versoek. Hy het verder gemeld dat daar 'n moontlikheid bestaan dat die skole in Ferreirasdorp van plan is om te verenig en dat die samewerking die onderwys in Johannesburg ten goede sou strek.(2)

(v) Die Skool van C. Koll. Die enigste inligting wat van die skool te kry is, is 'n brief van die heer C. Koll, waarin hy die Superintendent in kennis gestel het dat hy van plan was om 'n skool op 1 Desember 1890 in Fordsburg te stig. Hy sou met minstens vyftig leerlinge begin.(3) Of die terugkeer van Buchler die skool beïnvloed het al dan nie, is onbekend, maar dit word vermoed dat die skool nie lank genoeg bestaan het om die jaarlikse inspeksie, wat aan die begin van 1891 sou plaasvind, te oorleef nie, want daar is geen spoor van 'n besoek aan die skool nie.(4)

(c) Skole in Brickstands.

'n Deel van die plaas Braamfontein is van die Geldenhuis-familie gekoop om die dorp Johannesburg van 'n goeie watervoorraad te voorsien. Op die grond is ook geskikte klei gevind waarvan bakstene, wat so nodig was vir die vinnig groeiende dorp Johannesburg, gevorm kon word. Weer het die Afrikaner wat min van goud geweet het en wat alleenlik as myner kon verdien, hier 'n opening gesien met stigting van die nywerheid. Klein huisies het om die deel, wat/

---

(1) OD 228, 1439/93 G.A. Ode - S.J. Walton, 17 Okt. 1893.
(2) OD 228, 1439a/93 G.A. Ode - T. Maclaren, 17 Okt. 1893.
(3) OD 8, C. Koll - Supt. van Onderwys, 23 Nov. 1890.
(4) Koll was op die personeel van die Johannesburg Collegiate skool van Posener vanaf Desember 1890. Moontlik het hy soos Fourie, sy skool met die van Posener laat saamsmelt.

wat bekend geraak het eers as Brickstands en later Brickfields ontstaan waarin die werkers gewoon het. Vandag is die deel bekend as Newtown en die huidige mark van Johannesburg beslaan 'n groot deel van die vroeëre Brickstands.

(i) Die Skool van mev. A. Luxton. Ds. J.N. Martins het die groot behoefte aangevoel, wat daar was vir die onderwys van kinders wat in die buurt gewoon het. Alhoewel hy nie self lid van die skoolkommissie geword het nie, het hy geskrywe dat 'n skool onder die beheer van mev. Antoinette Luxton op 1 Februarie 1890 geopen is. Na 'n maand het die aantal leerlinge na nege-en-dertig gestyg.(1) Die huishoudelike bepalinge is in Maart ingedien en dui aan dat die skool onderrig sou verskaf in lees, skryf, diktee, rekene, spraakkuns, vertaling, kerkmusiek, Engelse spel en lees.(2) Die skool is in Januarie deur reën beskadig en moes herstel word.(3) Die skool moes gesluit word om die reparasies aan te bring. Die getalle het ook weer hier begin daal, want die depressie was op sy hoogste en die boubedryf het moontlik nie soveel materiaal nodig gehad as voorheen nie. Van die inwoners het na ander dele verhuis om 'n heenkome te vind. Met die inspeksie aan die begin van 1892 was daar twintig leerlinge en die kinders is as sindelik beskryf, terwyl die orde goed was.(4) Die koms van die nuwe wetgewing van Mansvelt in 1892 het aangedui dat die toelae voortaan nie meer vir gratis-kinders betaal sou word nie. Mev. Luxton het gevoel dat sy haar skool moes sluit, want sy sou nie van die nuwe subsidie kon bestaan nie.(5) So is die skool ook aan die begin van 1893 gesluit.

(ii) Spes/

---

(1) OD 6, J.N. Martins - Supt. van Onderwys, 5 Maart 1890.
(2) OD 6, Schoolcommissie - Supt. van Onderwys, 12 Maart 1890.
(3) OD 8, A. Luxton - Waarn. Supt. van Onderwys, 30 Jan. 1891.
(4) Inspeksieverslag 1892, Ie deel, 23.
(5) OD 14, A. Luxton - Supt. van Onderwys, 27 Jan. 1889.

(ii) Spes Bonaskool. Die Spes Bonaskool het op 1 Augustus 1889 sy deure vir leerlinge in Brickstands oopgemaak. Die skool het onder die hoofskap van C. Naude gestaan, en is een van die min skole wat vandag nog bestaan, alhoewel as 'n Engelsmedium. Die skool het gou gegroei, want voor die einde van die eerste maand het hy reeds vier-en-sestig leerlinge gehad.(1) Toe die eerste inspeksie van die skool op 28 April 1890 plaasgevind het, is bevind dat daar ag-en-sestig leerlinge in die skool was.(2) Die skool was 'n suiwer Afrikaanse skool en het 'n groot aantal leerlinge getrek want die aantal leerlinge in die omgewing het steeds aangewas. In Februarie 1891 was daar drie-en-negentig leerlinge.(3) Die skool het voortbestaan en het 'n belangtike rol in die geskiedenis van die onderwys in Johannesburg gespeel net voor die Anglo-Boere oorlog.

(d) Skool in Ophirton.

Aangrensend die myne van Ophirton is 'n dorpie Mewettesville uitgelê wat bestaan het uit standplase. Hier het myners hulle kom vestig wat op die myne ten suide van Johannesburg werksaam was. Ook hier het 'n skool vir die plaaslike kinders ontstaan onder die sorg van mej. J. Potgieter. In teëstelling met die Spes Bonaskool het die skool bekend gestaan as die Good Hopeskool. Die skool is op 27 September 1889 met vyf-en-twintig kinders geopen.(4) Die medium was Hollands. Mej. Potgieter is deur haar suster bygestaan, maar geen tekens van groei het/

(1) OD 5, Ph. Venter - Supt. van Onderwys, 27 Aug. 1889.

(2) Inspeksieverslag 1889, 55.

(3) Inspeksieverslag 1891, 32.

(4) OD 6, J. Potgieter - Supt. van Onderwys, 16 Des. 1889.

het voorgekom nie. Die skool het nie twee onderwyseresse regverdig nie, sodat mej. J. Potgieter vanaf September 1891 in die diens van die Wesleyaanse kerkskool getree het, en die skool in die beheer van haar suster gelaat het.(1) Met die koms van die nuwe onderwyswet is die skool ook beïnvloed, daar die ouers van die kinders meestal Engelssprekend was.(2) Die skool het voortbestaan maar geen subsidie is van die staat ontvang nie.

(e) Skole in Ferreirasdorp.

(i) Skool van T. MacLaren in Ferreirasdorp. Ferreirasdorp kan beskou word as die oudste deel van Johannesburg, en van sy ontstaan het hy getoon dat hy die handelsentrum van die goudvelde was. 'n Behoefte vir 'n skool het ontstaan in Februarie 1890, daar die skool van Buchler, wat daar was, na Fordsburg verhuis het en daar geen skool in die deel was nie.(3) Aan die einde van Februarie 1890 is die huishoudelike bepalinge van die skool ingedien, waaruit geblyk het dat die skool onder die beheer van mej. Ryall gestaan het. Ons merk dat: „geen kind van gekleurde ouders zal in de school toegelaten worden."(4) Dit is onbekend wanneer die skool doodgeloop het, maar net soos Buchler kon mej. Ryall nie voldoende inkomste van die skool kry om aan te gaan nie. Thomas MacLaren het in Mei 1891 voorsitter van die skoolkommissie van Buchler se skool geword, wat aandui dat die skool wat hy in Ferreirasdorp gereël het, blykbaar nie meer bestaan het nie.

(ii) West Endskool van mej. Feely. Hierdie skool se ondergang kan beskryf word as een van die wat gewoonweg gevolg/

---

(1) OD 14, J. Potgieter.- G.A. Ode, 3 Feb. 1893.

(2) Ibid.

(3) Od 6, T. MacLaren - H. Stiemens, 18 Feb. 1890.

(4) OD 6, School Regulatiën (Aangeheg aan bostaande brief.)

gevolg is deur menigte ander skole. Die eerste aanduiding van die skool kom in die inspeksieverslag van 1888 voor. Die skool was in Ferreirasdorp geleë in 'n lokaal van sink gebou (ijzeren). Die inspekteur het aangedui dat die skool pas geopen het, alhoewel net ag-en-dertig van die sestig leerlinge teenwoordig was. Die werk van die skool het getoon dat die dame van plan was om aan die vereistes van die skoolwet te voldoen.(1) Sake het egter versleg, want die skoolbestuur het die heer Stiemens in kennis gestel dat die skool aan die kwyn is. Hoe lank hy nog sou bestaan, wis hulle nie.(2) Mej. Feely het geduldig op haar subsidie van die Onderwysdepartement gewag, maar dit het nie aangekom nie, sodat sy op 14 Junie vir die huur van die skoolgebou gedagvaar is.(3) Dat daar mense was wat haar bygestaan het, blyk uit die brief van A. Hampden wat die saak duidelik uiteensit: „There is a young lady here, Miss Feely, who is entitled to a Government grant - now overdue - as schoolmistress. She is unable to pay her rent in consequence of not having received her money and is about to be sued and ejected from the schoolroom...."(4) So het die skool aan sy einde gekom.

## 5. Samevatting.

### (a) Onderwys in vroeë Johannesburg.

Met die koms van 'n plaaslike bevolking en die groei van nuwe woonbuurte het skole ontstaan om elementêre onderrig aan die kinders in Johannesburg te verskaf. Dat al die kinders nie skool toe gegaan het nie, is bekend,

want/

---

(1) Inspeksieverslag 1888, 12.

(2) OD 5, J. Kruger - H. Stiemens, 30 April 1889.

(3) OD 5, Hendrikz en de Vos - Supt. van Onderwys, 14 Junie 1889.

(4) OD 5, A. Hampden - Raymond, 14 Junie 1889.

want die onderwys was nie verpligtend nie. Leerlinge het skool toe gekom solank as wat hulle ouers dit kon bekostig of solank as hulle wou. Daarna het die leerlinge, wat nie die geleentheid gehad het om verder in die beter skole te leer nie, maar gaan werk vir 'n lae besoldiging, want hulle het nie die nodige elementêre opleiding gehad nie.

(b) Leerlinge.

Ons bespeur dat die leerlinge van die eerste skole in Johannesburg in drie groepe verdeel kan word: die wat Engels van afkoms was en deur middel van Engels onderrig is; die wat Afrikaans- of Hollandssprekend was en deur middel van Hollands onderrig is, en die derde groep wat wel Afrikaans- of Hollandssprekend was maar nogtans geëis het dat hulle kinders deur middel van Engels onderrig moes word. Selfs die staatsamptenare het nie vertroue in die klein skooltjies getoon nie, want hulle het hul seuns na die Marist Brother'sskool gestuur.

(c) Die Boeke.

Daar was geen standaard leerboeke in gebruik nie. Elke skool het maar sy eie gebruik. Eers nadat daar van staatsweë 'n poging aangewend is om die boeke vir die skole te standaardiseer, is dieselfde boeke gebruik. Kaarte is in 'n paar van die skole aangetref. Die skole onder kerkleiding het beter daaruit gesien, want daar elke genootskap die beste vir sy eie kinders wou doen, is 'n poging aangewend om boeke vir almal te verkry.

(d) Inspeksie.

Die inspekteur het altyd sy inspeksies deur middel van Hollands gedoen, sodat die meeste van die skole dit moeilik gevind het om aan die wet te voldoen. Die mense het wel Hollands gebruik in die kerk, of as hulle

skryf,/

skryf, maar dit was nie die algemene spreektaal nie. Die taal van die goudvelde is deur die uitlander beïnvloed en het merendeels geblyk Engels te wees. Die burgers wat hulle hier kom vestig het, het besef dat hulle Engels nodig gehad het om hul brood te win, en wou dus graag hê dat hul kinders Engels moes leer. Die onderwysers het dus 'n moeilike taak gehad om aan die wet te voldoen.

(e) Ligging van Skole.

'n Eienaardige verskynsel is in die vroeë Johannesburg te bespeur. Na die dorp gestig is, het die Engelssprekendes meestal hul tuiste oos van die dorp gemaak, d.i. tussen die ou Natalkamp en Johannesburg. Of die oorsaak by die feit lê dat die meeste Engelssprekendes Johannesburg vanaf Natal ingekom het, is onbekend. Ons vermoed dat toe die berigte wêreldkundig geword het, die uitlanders gebruik sou maak van die naaste hawe aan die goudvelde. Die Hollandssprekende deel van die bevolking het weer hul tuiste aan die westekant van die dorp gemaak of tussen die Paarl- of Afrikanerkamp, Ferreiraskamp en Johannesburg. So vind ons dat die skole in Johannesburg en die dorp Jeppestown amper van suiwer Engelse skole voorsien was. Die skole in Ferreirasdorp, Fordsburg en Brickstand was weer meer Hollands. Ons let verder op dat meeste van die skole die benaming van „Select School" gebruik, maar ons vermoed meer in die Engelse as in die Hollandse sin.

------oooOooo------